



HOËRSKOOL
WATERKLOOF

KLOFIEKAN

www.klofies.co.za | klofies@klofies.co.za

UITGAWE 2 | 2024

Wenners van Beste Skoolkoerant en Beste Indiepte-artikel in die Nasionale Netwerk24-skoolkoerantkompetisie 2023

BLOU TORNADO'S WAAI DIE BERE WEG

Hoërskool Waterkloof wen Hoërskool Garsfontein
na 11 jaar! Met 'n eindtelling van 47-36.
Sien bl. 16.



- Fotograaf: Ragel's Lens Photography -

Ligte, kamera, dans!

Michaela Smith en Mila Gous

Die rooi fluweelgordyne van die staatsteater trek oop. Ligte, kamera, dans! Nog 'n jaar, en nog 'n fenomenale skouspel wat deur die Kloof Dansakademie op die planke gebring word. Die storie van *Alice – Next level Lost* is vanjaar deur ongeveer 60 Klofie- en selfs oud-Klofie dansers uitgevoer.

Verskeie oud-Klofies het, met dansnommers uit die geskiedenisboeke, hul verskyning op die verhoog gemaak. Na die dansakademie se uitvoering van *Alice in Wonderland* 'n paar jaar gelede in die Atterbury Kleinteater, was dit net gepas om 'n paar legendes wat al deur die dansakademie se hande is, vir rondte twee terug te nooi.

Alhoewel die huidige Klofies eers 'n bietjie

skepties was oor die *oldies* wat teruggenooi is, was dit vir hulle 'n belewenis om weer die dansers waarna hulle as laerskoolkind opgekyk het, in aksie te sien.

Vanaf die eerste dans *Through the Looking Glass*, boei Alice (Michaela Smith) die gehoor met haar realistiese vertolking. Baie eg aan die wese van *Alice in Wonderland* word 'n mens dadelik deur die hoofkarakters na die wêreld van fantasie en wonder weggevoer. Met 'n verstommende uitvoering van danse soos die treffende skaaktoneel getiteld *Alice lands on a living chess board*, kon 'n mens jou vir 'n oomblik verbeel dat jy na die oorspronklike *Chess*-vertoning in Londen se *West End* kyk.

Geskryf en afgerig deur die bekwame me. Michelle Naudé (alombekend as *Ma'am*) en haar span, was hierdie vertoning weereens

'n ontploffing van kuns, kreatiwiteit, kleur en klank. Daar word gegrap dat die aanlyn winkel Temu ryker geword het nadat *Ma'am* alles wat 'n *head piece* kan wees, gekoop het. "Dit was glad nie vreemd om 'n matriekdanser met 'n kroon op die kop in die Wetenskapklas te sien nie," sê matriekdanser Michaela Smith.

Hierdie tipe toewyding is gesien in die finale produk wat aand na aand vol sale getrek het. Met die aanbreek van die finale vertoning op die Sondag was die emosies van elke danser sigbaar terwyl hulle deur die bewegings gaan. Die liefde vir dans, die hartseer van aanbeweg vir die matrieks en die dankbaarheid om so 'n kans gegun te word, het

selfs die gehoor in tranes gehad.


Teen die tyd dat die uurglas uitgeloop het met die dans, *Reflections of time*, moes die gordyn toegaan op 'n dansproduksie wat deur sommige teatergangers as "die beste nog" beskryf word.



- Fotograaf: Juandré le Roux -



Juffrou Siele - bl.5
- Fotograaf: Miracles Photography -



Heinrich Sutton - bl.6
- Foto verskaf -



Gebedsweek - bl.12
- Fotograaf: Mariette Krüger -



Minette Kruger - bl.15
- Foto verskaf -

WENNERS!



Baie geluk aan Emily Smith in gr. 11 wat die gelukkige wenner van die kontantprys vir die woordspeletjie in die uitgawe 1/2024 is. Indien jy R500 kontant wil wen, blaai na bladsy 14 vir die volgende uitdaging!

- Fotograaf: Miracles Photography -

Redakteursbrief

“The eye seems to demand a horizon. We are never tired, so long as we can see far enough.” Ralph Waldo Emerson

Na hiêrdie bul van ‘n tweede kwartaal voel ons Klofies verstaanbaar ... moeg. Soos altyd, is daar nie iets soos ‘n rustige kwartaal in Hoërskool Waterkloof nie: naweke propvol sport, Gebedsweek, Kaalvoetoggend, ATKV en die dansakademie se ongelooflike *Next Level Lost* Dansproduksie en alles met die Junie-eksamen wat soos ‘n donker wolk oor ‘n mens se kop hang. Dit is genoeg om enige mens moeg te maak.

Dit is egter ‘n moeë gevoel wat so warm in jou hart lê. ‘n Gevoel van trots en tevredenheid oor alles wat jy bereik het – al die struikelblokke wat jy oorbrug het. Of jy nou werklik hard genoeg geleer het vir daardie toets, jy het dit oorleef! (En hopelik jou les vir die eindeksamen geleer.) En trots ... nou dit is iets wat ons Klofies baie goed verstaan. Die manne in blou, wit en geel strepe wat ons nie in die steek laat nie, die drie ton klere wat ons ingesamel het, die vriend wat vir jou al die werk voor ‘n toets verduidelik - dit is die warmte wat jou sal deurdra. Dit maak dit die moeite werd om moeg te wees.

Maar Kloof, die jaar is nog net halfpad. Die res van die wedloop wag om gehardloop te word. Laat ons nie gaan lê oor wat ons al bereik het nie, en nie net aanhou doen wat ons nog altyd gedoen het nie. As ons ‘n tree vorentoe neem, laat dit eerder ‘n trap boontoe wees. Dit is moeilik, en stadig, maar die uitkoms is soveel soeter. Hê die waagmoed om te kan misluk. As jy nie soms misluk nie, dan probeer jy nie hard genoeg nie. Dan leef jy nie diep genoeg nie. Jou potensiaal is te groot om geïgnoreer te word.

Onthou Nelson Mandela se woorde: *“There is no passion to be found playing small, and settling for a life that is less than you’re capable of living.”*



REDAKSIE

Graad 12

Mia Appelpcryn (Adjunkredakteur)
Lize Erasmus
Laureanne Geertsema
Nandi Gous (Redakteur)
Casey Robertson
Michaela Smith
Jani Strydom
Kayla Strydom
Suné van der Merwe
Mia van der Walt

Graad 11

Marni Botha
Je-Miné de la Rey
Nicolas du Plooy
Anja Maranta
Riané Muller
Miné Naudé
Krige Steyn
Dieter Stehle

Graad 10

Kayla Borstlap
Nika Meiring
Simoné de Leeuw
Elimay le Roux
Cara Grebe

Graad 9

Mila Gous

Onderwysers

Retha Hofmeyr
Leandré Eksteen
Janneke Vahrmeijer
Gareth Harris
Annuska Pretorius

Uitleg

Marlette Krüger

Danielle van Niekerk
Claudia van Wyk



Redaksie 2024
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

Is Waterkloof besig om te vinnig te beweeg?

Anja Maranta

Die skooljaar het skaars afgeskop, toe is daar al sprake van 2025 se Druppels en nog voor die Junie-eksamen is die nuwe Klofieraad verkies. Is Waterkloof besig om te vinnig te beweeg? Lewe Kloof te veel in die toekoms?

So antwoord van die Klofies:

- Ja, Kloof doen, want ons maak nou al reg vir kinders wat sal belangstel om in 2025 na Waterkloof te kom.

Ethan van der Walt (graad 9)

- Ja! Dis belaglik dat ons reeds in kwartaal twee nuwe leiers vir 2025 kies. Die vorige leiers was skaars aan bewind, en nou het ons amper ‘n nuwe Klofieraad. Dis heeltemal te vinnig; dis nog nie eers Junie nie!

Lilene Changuion (graad 10)

- Nee!

Caleb Donsignore (graad 11)

- Ja, definitief. Die skool gaan te vinnig. Ek dink soms: “Sjoe, ek is nou eers in graad 11, haal asem.”

Shairah Manzi (graad 11)

- Nee, nie rêrig nie. Kloof leef maar net in die oomblik.

Elmar Smit (graad 12)

Wat dink die Klofies van die Klofiekkan?

Kayla Borstlap

So antwoord van die Klofies:

- As die Klofiekkan uitgedeel word, is almal opgewonde. Die stories en berigte is inspirerend. As ek begin lees, sukkel ek om die koerant neer te sit! Die koerant is ‘n groot deel van Hoërskool Waterkloof wat almal koester sodat spesiale oomblikke onthou word. Die Klofiekkan is ‘n koerant waarin ek myself inleef - ek sien die gebeurtenisse wat voor my afspeel. As ‘n Druppel in Waterkloof is die koerant vir my ‘n bron waar ek altyd meer van ons skool kan leer.

Deoné Freecke (graad 8)

- Ek geniet die Klofiekkan vreeslik baie! Dit is ‘n absolute bron van vernaak en bind die hele kwartaal se hoogtepunte mooi saam.

Elandri Coetzee (graad 9)

- Ek verkies ‘n gedrukte weergawe van die Klofiekkan bo ‘n elektroniese weergawe. Ek sal nooit die Klofiekkan lees, indien dit elektronies is nie. Die gedrukte Klofiekkan is maklik om te lees; as ek die koerant sien, wil ek dit lees.

Ruan Groenewald (graad 10)

- Dit is lekker om na ‘n lang kwartaal die Klofiekkan te lees. Die Klofiekkan vervang soms pousegeselskap as een van ons dié koerant in die hande kry! Die leesstof is interessant, snaaks en baie opvoedkundig. Dit dien as die Klofies se hoofbron om op hoogte van al die skoolgebeure en -prestasies te bly.

Kyla Roos (graad 11)

- My gunsteling is die “Het jy gehoor”-afdeling. Dit laat almal altyd lag. Dit is vir my lekker om aan die einde van elke kwartaal te lees wat in Kloof se gange gebeur het. Kosbare herinneringe wat Klofies selfs na matriek kan koester, word in die Klofiekkan verewig.

Minette Kruger (graad 12)

Maak die snoepie en innovasie-sentrum te vroeg na skool toe?

Anja Maranta

So antwoord van die Klofies:

- Ja, kinders met buitemuurse aktiwiteite wat na mekaar plaasvind, kan nie tussendeur kos koop nie. Die innovasiesentrum is lank genoeg beskikbaar vir kinders wat met die busse ry en lank na skool moet wag.

Lara Meiring (graad 8)

- Ja, dit maak te vroeg toe, want ek beoefen sport tot laat en wil dan iets by die snoepie koop en dan is dit toe.

Etienne Stiglingh (graad 9)

- Nee, want die snoepieleiers en innovasiesentrum-werkers moet ook huis toe gaan.

Mieke Oelofse (graad 10)

- Ja, koshuiskinders (soos ek) raak soms deur die loop van die middag dors en het dan niks om te drink nie, want die snoepie is toe.

Shae-lynn Levinson (graad 11)

- Nee, die innovasiesentrum kan nie die hele middag oop bly nie. Wanneer daar nie toesig is nie, kan kinders seerkry en dan word die skool blameer. Onderwysers kan nie die hele middag toesighou nie.

Elreese Slabbert (graad 12)

Oud-Klofie: Tamlyn, *a star is born*

Casey Robertson

Op die jong ouderdom van 13 het Tamlyn Wessels aan die einde van haar graad 7-jaar Guillain-Barré Sindroom ontwikkel en moes sy nés 'n baba, alles weer oor leer doen. Haar hoërskoolloopbaan het in 'n rolstoel afgeskop...

Tamlyn was vir vier maande bedlêend in die Intensiewe Sorgeenheid aan 'n ventilator gekoppel en in rehabilitasie vir nóg vier maande. Sy het lank vir genesing gebid, maar nooit besef dat dit eintlik haar hart is wat moes genees en nie haar enkels nie. Sy glo die Here los haar enkels met 'n doel verlam sodat sy haar getuienis met mense kan deel. Sy ervaar steeds baie nagevolge, maar dit hou haar glad nie terug nie.

Vandag leef sy haar passies ten volle uit en is sy 'n groot inspirasie vir almal. Sy is 'n liedjieskrywer, geniet dit om te bak en baie te praat. Sy geniet dit ook om te verf.

Tamlyn, wat reeds drie enkelsnitte vrygestel het, is op haar pad om roem as sangeres te verwerf.

Tamlyn neem ook deesdae 'n plek voor die kamera as model in en deel graag haar lewensreis op sosiale media om ander te inspireer.

Sy is op 'n reis om haar getuienis met die wêreld te deel met die hoop dat sy mense kan help wat sukkel. Sy wil aanhou liedjies skryf en eendag 'n musiekvervaardiger word.

Hoe het jou lewenservaring jou gevorm?

“Die lewe gaan oor perspektief”

Ek het soveel geleer en 'n ander perspektief oor die lewe gekry. As 'n mens vir so lank afhanklik is van iemand om basiese take vir jou te doen, besef jy eers wat 'n voorreg dit is om net klein dingetjies, soos asemhaal en eet, te kan doen. Ek is definitief baie meer dankbaar oor die kleinste goedjies en laat nie toe dat onbelangrike probleme my affekteer nie. Ek gee glad nie om wat mense van my dink nie omdat ek reeds op so 'n jong ouderdom anders was. Ek is in 'n rolstoel hoërskool toe en ek het vroeg

geleer dat die rolstoel nie my persoonlikheid vorm nie.

Wat was jou gunstelingervaring by Hoërskool Waterkloof?

Mnr. en Mej. Waterkloof was wonderlik. Dit was iets wat ek glad nie gedink het ek sou kon doen nie, veral as gevolg van my gebrek, maar dit was so lekker om myself verkeerd te bewys en ander mense hoop te gee oor waartoe 'n mens in staat is.

Wat beteken Huis Kloofsig vir jou?

Huis Kloofsig was verreweg die lekkerste deel van die hoërskool. Al my vriende was in die koshuis. Dit was meer soos 'n familie, almal omtrent jou ouderdom, so verbeel jou net die chaos, maar dit was fantasies. Die onderwysers het net so baie beteken. Hulle het my altyd beskerm. Hulle was altyd voor my om my te verdedig as dinge dalk skeefloop. Ek sal Huis Kloofsig vir enige leerder aanbeveel! As ek kon, sou ek nou nog daar bly.

Wie is jou gunstelingonderwyseres?

Juf. Angie Crous. Juf. Angie was een van my onderwysers en my gangmoeder in die koshuis. Sy het my hart al op dag een in die koshuis gewen. Sy is baie realisties oor sake en gaan uit haar pad uit om ons te help, al moet sy so nou en dan 'n reël breek. Juf. Angie het vir my soos 'n tweede ma gevoel.

Wat is jou lewensleuse?

Die lewe gaan oor perspektief. Jy kan baie minder as ander hê, maar as jy kan insien dat dit wat jy het, genoeg is, sal jy sterk deur die lewe loop.

Hoe het jy jou talente ontdek?

Toe ek gesond was, het my lewe net uit sport bestaan, maar toe ek siek geword het, het ek besef dat ek iets anders moet kry om te geniet. Toe begin ek verf en sing, waarvan sang nou my grootste passie is. As een deur toemaak, gaan 'n ander deur oop.

Het jy enige ander geheime talente?

Ek loop omtrent beter op my hande as op my voete.

Watter ekstreme sport wil jy graag eendag aandurf?

Ek wil graag skydive of bunjee jump. Ek is mal oor adrenalin.

Deur watter kleur sal jy die wêreld wil sien?

Geel; dis vir my 'n baie helder, gelukkige kleur.

Wat is jou gunstelingkos?

Biefstuk en brownies.

Is daar enigiets wat jy van jou hoërskooljare sal wil verander?

Ek wens ek kon reëls makliker breek om buite die boks te lewe. Ek het net altyd veilig op my plek gebly en dit is vervelig om binne perke te lewe.

Wie is jou grootste inspirasie?

My pa is my grootste ondersteuner. Hy het al so baie in die lewe bereik wat hy self opgebou het. Dit is iets waarna ek opkyk en dit leer my daagliks so baie van die lewe. Hy werk ongelooflik hard en help ons om ons drome te bereik.



Tamlyn Wessels
- Foto verskaf -

Het jy gehoor?

Nandi Gous

As jy jou ore spits, sal jy verbaas wees oor wat jy alles in Kloof se klasse en gange hoor.

“Koue is ‘n mindset.”

Kind een: “Wat ruik so?”
Kind twee: “Gasvryheidsprakties.”
Kind een: “Dit ruik asof hulle gedruip het.”

“My laaste twee breinselle veg op die oomblik vir die derde plek.”

“Ek hou eintlik daarvan om vroeg by die skool te wees. Dan ruik almal nog lekker.”

“My vriende is so swak. Ek wou hulle huiswerk afskryf, maar hulle het dit nie eers gedoen nie!”

“Ek hou regtig nie van Euklidiese Meetkunde nie. Die woord sê self: “Euww”.”

“Die eksamenrooster is nie baie user-friendly nie.”

“Die lewe is regtig ‘n lied. Tensy dit Maandag is, dan sing ek nie.”

“Ek kan fisies nie meer Fisika nie.”

“Ek het nou Gelets, want ek is ge-legend.”

“Partykeer bless ek mense met my stilte.”

“Ek is soos ‘n granaat. Die vrug, nie die bom nie.”

Kind: “Meneer, waar is meneer Mol se klas?”
Onderwyser: “Ek weet nie, seker onder die grond.”

Onderwyser: “Daardie mannetjies moet oppas, hulle speel lekker op Avbob se stoep.”

“Die eksamen gaan so erg wees, selfs die seuns gaan huil.”

“Hierdie Druppels loop voor my in, asof ek hulle nie kan plattrap nie.”

Onderwyser: “Hoekom oefen julle in skooltyd?”
Kind: “Ek weet nie, Juffrou, ek werk net hier.”

Onderwyser: “Daardie bangmaakflik oor ‘n pop gekyk.”
Kind: “Was dit Annabelle?”
Onderwyser: “Nee, dit was Barbie.”

“WIE HET JOU LO-TAAK GEDOEN?”

JOU BESTE VRIEND

HELIKOPTER MAMMA

CHATGPT

SPOTPRENT

Kunstenaar: Krige Steyn



Met grysheid kom wysheid:
Juf. Angie:
Skerpste mes in
die laai

Elimay le Roux en Claudia van Wyk

Sterk, met ‘n sagte hart en ‘n rolmodel. Só beskryf juf. Angie Crous se eie kinders (die dogters van Cirrus) haar.

Juf. Angie het dalk nie ‘n grys haar op haar kop nie, maar sy is definitief wys. Juf. Angie Crous is Hoërskool Waterkloof se fenomenale Gasvryheidsjuffrou, maar sy is ook soveel meer as dit. In ‘n kort gesprek met haar, het ons gesien dat sy wysheid en insig het wat net van die Here kan kom. Sy weet iets van alles: van kosmaak, onderwys en gesond leef tot Wiskunde, wat haar gunstelingvak op skool was, en Godsdien. Sy is gretig om die kennis aan haar leerders oor te dra.

Juf. Angie glo dat die sleutel tot ‘n suksesvolle onderwyser is om begrip te hê vir die manier waarop kinders dink en dinge sien. Sy is nie verkeerd wanneer sy sê dat kinders en volwassenes se denkwyses wêreld van mekaar verskil nie. Omdat sy hierdie tegniek al goed bemeester het, weet sy dat kinders hulle lewens en houding op hul omstandighede grond. Haar boodskap aan tieners is dat jou verlede nie jou toekoms bepaal nie.

Jeremia 29 vers 11 is juf. Angie se motivering, vertroosting en motto. Sy sê dat haar lewe nie noodwendig die konvensionele roete geloop het nie en dat almal se lewens nie altyd dieselfde uitdraai nie, maar dit hoef nie. Maak nie saak waar jy jouself in die lewe bevind nie, die Here beplan net goeie dinge vir jou.

Juf. Angie hou al vir agtien jaar skool en het by Hoërskool Die Wilgers begin. Sy het toe ‘n breek van onderwys geneem en op ‘n avontuur gegaan deur by die Droë Bone Produsente Organisasie van Suid-Afrika te werk. Daarna het sy haar hart vir kinders met epilepsie en leerprobleme oopgemaak en by Transvalia Skool vir Leergestremde Kinders gewerk. Hoërskool Waterkloof het toe vir juf. Angie ‘n pos aangebied en die Klofies is baie dankbaar daarvoor, want sy is die rots van die Gasvryheidsdepartement en ‘n wonderlike koshuisma.

Juf. Angie kook en bak al van jongs af. Die eerste ding wat sy leer bak het, was die tradisionele Afrikaanse stapelvoedsel, die sjokoladekoek. Sy wou egter nie altyd ‘n onderwyser word nie. Nee, sy het as kind daarvan gedroom om ‘n veearts te word. Dit was moeilik, want sy is veels te lief vir diere om enige diertjie in pyn te sien.

Sy is ‘n trotse koskritikus en hou daarvan om nuwe en interessante geregte, by verskillende restaurante te probeer. Sy sê dat jy haar met ‘n lekker crème brulee kan omkoop, maar moet asseblief nooit vir haar enige vis of seekos aanbied nie.

Juf. Angie het baie inspirerende sienings en een van hulle is dat vrees die direkte teenoorgestelde van geloof is. Sy glo dat ons moet lewe sonder om te huiwer en altyd moet probeer om nie in God as ons Beskermer te twyfel nie. Haar lewensleuse uit die bekende fliëk *Tears of the Sun* is: “*The only nessesary reason for the triumph of evil, is for good men to do nothing.*”

Juf. Angie glo dat dit net een persoon neem om ‘n verskil te maak. Sy streef daagliks daarna om daardie persoon te wees.



Juf. Angie Crous
- Fotograaf: Miracles Photography -

Warm toebroodjies, warmer harte

Elimay le Roux, Cara Grebe, Miné Naudé

‘n Smaaklike Steers-*tramezzini*, en ‘n yskoue botteltjie Coke... Leerders en onderwysers offer hulle pouses op om hul hande op die Klofie-snoepie se heerlike etes te kry. Wat min Klofies egter besef, is dat die hoender-*strips* nie self in die pan klim nie! Agter die skerms werk vier personeel lang ure om die Klofies se mae vol te hou.

Hoe laat begin julle skofte?

Abram: Ek kom gewoonlik so 05:40 by die snoepie aan om oop te sluit. Die meeste van die kinders koop voor hulle klas toe gaan ‘n ontbyt-*tramezzini*, so ons maak solank die spek en eier gaar en dan rooster ons die brood.

Julia: Ons skofte begin gewoonlik eers 07:00, maar ons kom so ‘n bietjie vroeër om die kos solank reg te kry.

Pamela: Ons begin 07:45 werk.

Primrose: Ek loop van die huis af skool toe, en dit vat gewoonlik 15 minute. Ek is dan teen 06:45 by die snoepie.

Watter produk is die gewildste onder die Klofies?

Abram: Die *tramezzini*’s is almal se gunsteling. Die biefstuk- en Steers-*tramezzini*, asook die spek-, avo- en feta-*tramezzini*’s verkoop vinnig uit. Ons maak lekker kos hier!

Julia: Gewoonlik is dit die hoender-*tramezzini*’s, maar op ‘n Dinsdag koop almal hoeder-*strips*.

Pamela: Hoender-*strips* en *chips* en Coke is baie gewild.

Primrose: *M&M’S* en ysies.

Wat is een ding wat julle graag wil hê die snoepie moet aanhou?

Abram: Italiaanse geregte is my gunsteling! Ons gaan baie dinge hier by die snoepie doen. Ons wil ‘n klompie goed verander en verbeter.

Julia: ‘n Verskeidenheid van ontbytkosse sal lekker wees.

Pamela: ‘n Groter verskeidenheid vir die leerders wat nie vleis eet nie en ook nie suiwel kan eet nie. Omtrent alles wat ons verkoop, het vleis of suiwelprodukte in.

Primrose: Energiedrankies, sodat die kinders nie in die klas slaap nie.

Wat sal julle graag met R100 by die Klofie-snoepie koop?

Abram: ‘n Lekker roomys en ‘n koeldrank.

Julia: Ek sal ‘n botteltjie Coke *Lite*, ‘n pakkie Dorito’s, ‘n ysie (my gunsteling), en ‘n pakkie Oreo-koekies koop.

Pamela: Alles!



Julia Mashilo, Abram Tjiane, Pamela Mkhungu & Primrose Gomwe
- Fotograaf: Marlette Krüger -

KLOFIE-PERSOONLIKHEID

Cillié de Villiers

Jani Strydom

‘n Man met vele talente, grappies en persoonlikheid...

Wie in Hoërskool Waterkloof het nog nie van Bemarking se passievolle en sjarmante Cillié de Villiers gehoor nie? Hy is opgewek, lewenslustig, standvastig en skram nie weg van die uitdagings om die Bemarkingskomitee se skoene vol te staan nie. Hy is lief vir kamp, gholf en sy gunstelingplekke om te hardloop, is by Wolwespruit en in die Drakensberge. Shakespeare het tog sy merk op dié kreatiewe digter gelaat, want al Cillié se bemarking, rympies en storiëtjies word gedurende klastyd uitgedink en in sy Afrikaans- of Engelse leesboeke neergepen.

Wat is jou gunstelingfliëkarakter?
Joey van *Friends*, ek dink ek is nogal soos wat hy is ... dalk net ‘n bietjie slimmer.

Het jy enige geheime talente?
Ek rap beter as Early B en Jack Parrow saam.

As jy ooit wegraak, waar sal ons na jou moet begin soek?

By Busstop 7 of in Mosambiek.

Waarsonder kan jy nie klaarkom nie?

Musiek, my vriende en my tweelingsussie.

Watter voor- of nadeel is daar om ‘n tweeling te wees?

Die beste is dat ek altyd iemand het om mee te praat, al kan my sussie ‘n bietjie kwaai wees. Die slegste is dat mense partykeer dink ons is in ‘n verhouding, want hulle sien ons die meeste van die tyd saam.

Wat is jou planne na matriek?
Ek gaan eers ‘n welverdiende blaaskans neem en dan wil ek Biomediese Ingenieurswese studeer.

Wat is jou lewensleuse?
Live full, die empty. Mnr. Duan het dit vir my geleer.



Cillié de Villiers
- Foto verskaf -

Kloof verloor sy siel

Ons groet vir juf. Mariëtta van Rooyen

Nandi Gous

“Kom Siele, kom ons werk!” Dit is woorde wat oor die stoepe en in die Afrikaansklas eggo as ‘n mens verby juf. Mariëtta van Rooyen se klas stap. Jy is ‘n Siel, ek is ‘n Siel, almal is ‘n Siel. En só is juf. Van Rooyen as juf. Siele gedoop.

Na 40 jaar van skoolhou, waarvan 20 jaar by Hoërskool Waterkloof was, moet Kloof van een van ons mees geliefde onnies afskeid neem. Die vraag op almal se lippe is: “Wat sal ons sonder ons Siel doen?”

“Jy is ‘n Siel, ek is ‘n Siel, almal is ‘n Siel.”

Juf. Siele laat baie meer as net haar geliefde Totius-standbeeld agter, “...want hy moet in ‘n skool wees waar die kinders hom kan sien.” Sy laat ook baie diep spore in die Afrikaansdepartement, waar sy jaar na jaar die matrieks se harte gesteel het, agter. Sy laat elke leerder in haar klas met ‘n passie en ‘n liefde vir ons moedertaal agter. Selfs geharde rugbyspelers het van digkuns begin hou. “Juf. Siele is werklik lief vir haar vak, haar energie is tasbaar. Haar passie word jôu passie,” sê matrikulant, Mijeanne le Roux.

Haar diep spore loop al die pad deur die jaarlikse Mnr. en Mej. Waterkloof. Dit is te danke aan juf. Siele dat hierdie skouspel, so ‘n noemenswaardige deel van Kloof se geskiedenis is. In haar bekwame hande het dit verby ‘n skoonheidskompetisie na ‘n aand van persoonlikheid en talent beweeg. Jy sal egter nooit weet hoeveel werk agter die skerm gebeur het nie, want nederigheid is iets wat ‘n mens by juf. Siele kan leer. Sy is ‘n ware mensch - en jy sal ver moet gaan om ‘n meer formidabele juffrou te kry.

“Ek sal haar glimlag en gees die meeste mis. Sy het altyd wysheid om te deel,” vertel matrikulant Calista Enslin. “En haar klas is nooit vervelig nie, of jy nou Siel, Varknek of Insek is.”

As juf. Siele van die hoogtepunte van skoolhou moet vertel, gaan dit nie vir haar oor die prestasies nie, maar oor die lag en interaksie in die klas. “Daar het nie ‘n dag verbygegaan dat daar nie in my klas gelag is nie; die kinders het my lewe verryk.”

Waar dit dalk hartseer is vir die wat agterbly, is dit net avontuur wat vir juf. Siele voorlê. Na ‘n leeftyd van kinders

onderrig, sien sy na familietyd uit. Sy en haar man, haar *Superman*, wil graag die wêreld platreis. “Ek wil Nelspruit gaan besoek waar my pa se huis is, dan Frankryk, Rome en die Griekse eilande,” vertel sy. (As jy haar wil opspoor, is sy dalk net op ‘n donkie in die *Grand Canyon*!)

“Ek het onderwys elke dag van my lewe geniet,” sê sy.

En óns het dit elke dag geniet om Juffrou deel van ons Kloof-familie te noem.



Juf. Mariëtta van Rooyen
- Miracles Photography -

ONNIE-PERSOONLIKHEID

Mnr. Stefan Coetzer

Mia van der Walt

In 2023 het mnr. Stefan terug in die Kloof-stroom getree, tien jaar nadat hy in die einste skool matriek geskryf het. Met ‘n reputasie as die dissiplinehoof se seun, besef ‘n mens na ‘n jaar saam met hom in ‘n LO-klas, ‘n voogklas of op die sportveld dat hierdie meneer baie meer is as net die dissiplinehoof se seun. Mnr. Stefan het ‘n passie vir rugby, rig “‘n masjen van ‘n sesde gholfspan” af en doen alles wat hy aanpak met oorgawe.

Watter onderwyser was Meneer se gunsteling?

Ek het meer as een gunsteling, maar juf. Siele was vir my ‘n hero. (Ek het nooit debietpunte by haar gekry nie, al het ek dit verdien.) Juf. Alma was ook lief vir my. (Ek het wel debietpunte by haar ontvang.)

Wou Meneer nog altyd ‘n onderwyser word?

Ek sal nie sê dat ek nog altyd een wou word nie, ek was baie besluiteloos, maar ek is nog nie een dag spyt oor my keuse nie. Ek geniet elke dag!

Van watter dag van die week hou Meneer die meeste?

Maandag is my dag, my voogklas weet. Dit is my dag, want hulle het ‘n bietjie houdings op Maandae. Dit is vir my ‘n kuns om hulle positief en reg vir die week te kry. Op die ou einde is hulle glimlagte al wat belangrik is!

Waarna luister Meneer as Meneer alleen in die kar ry?

My Bantam se radio werk nie, so ek geniet die stilte. My

lugversorger is ‘n oop venster, die wind op my voorkop is genoeg.

Dink Meneer die leerders in die skool is bang vir Meneer?

Ek sal nie sê hulle is bang vir my nie, ek dink ons het ‘n lekker verstandhouding. Respek bly maar ‘n groot ding vir my: hoe hulle my hanteer, is hoe ek hulle hanteer.

Wie is Meneer se gunstelingleerder?

My gr.12-voogklas is masjiene! Ek dink ek is die gunsteling, want ek is Die Baas, al het ons laaste met die kaskar gekom. Ek is baie trots op hulle!

Wat is Meneer se raad vir die nuwe generasie?

Hou op kla, die lewe is nie so erg nie.



Mnr. Stefan Coetzer
- Fotograaf: Miracles photography -

Cute Couple

Michaela Smith

Jy lees daarvan in kinderstoriesboeke; jy hoor daarvan in flieks se liefdesliedjies, maar as jy na Stephan en Sophia-Mari kyk, kan jy sien waarom al daardie liedjies en stories werklik gaan - die rugbyspelerprins en die skoonheidsprinses oftewel “my Mensie” en “Bokka Beer”.

Ek het ‘n geselsie met Sophia en Stephan aangeknoop en ‘n paar interessante antwoorde gekry.

Wat wil julle volgende jaar doen?
Ons albei wil graag Potch toe gaan. Ek (Sophia) wil Verbruikerstudies studeer en Stephan wil Landbou studeer.

Wat is julle kosbaarste besitting?
Sophia-Mari: Die hangertjie wat Stephan aan die begin van ons verhouding vir my gegee het. Ek haal dit nooit af nie.
Stephan: Ons Psalmboekie waaruit ons elke aand saam lees.

Waarvan hou julle die minste?
Sophia-Mari: Ek hou glad nie daarvan

as Stephan aan my oë vat nie.
Stephan: As ander ouens haar met ‘n drukkie wil groet.

Wat is een eienskap van mekaar waarvan julle die meeste hou?
Sophia-Mari: Hy is ‘n *gentlemen* en dra my op die hande.
Stephan: Lojaliteit.

Wat waardeer julle van julle vriende?
Dat hulle ons *weirdness* aanvaar.

Watter woord gebruik julle te veel?
Sophia-Mari: jou hoender.
Stephan: *oraait*.

Die data is versamel en ek het die gevolgtrekking gemaak dat Stephan ‘n man van min woorde is en Sophia-Mari ‘n fobie vir voëls het. Tussen al die stres van matriek en baie ure se oefen, is hulle op hul gelukkigste wanneer hulle tyd saam kan deurbring. Hulle is nes ‘n mannetjie- en ‘n wyfiepikkewyn wat vir ewig bymekaar bly.



Sophia-Mari en Stephan
- Foto's verskaf -



Die Klofies se klawerkoning

Nika Meiring

Het jy al ooit die alombekende vraag: “Wat is die sleutel tot sukses,” op Google gevra? Die kans is goed dat dié alwetende platform vir jou sal sê jy benodig konsekwenheid, selfdisipline, motivering en ‘n positiewe ingesteldheid om jou doelwitte te bereik. Alles baie prominente eienskappe van Hoërskool Waterkloof se eie gr. 11-leerder, Heinrich Sutton.

Heinrich het ure voor die klavier deurgebring nog voordat hy kon skryf. Danksy sy familie se invloed, is Heinrich van kleins af ‘n meesterpianis, met sy pa Jacques, wat ‘n groot rol gespeel het om die saadjie vir sy liefde vir musiek te plant. Heinrich kan klawers tokkel, snare pluk en selfs op die noot sing. Musiek is in sy bloed.



Heinrich Sutton en Me. Claudine van Breda
- Foto verskaf -



Heinrich het op die ouderdom van vyf sy eerste klavierles gehad en het sedertdien onder die bekwame hande van me. Claudine van Breda deurgeloop. Hy kry tans les by prof. Megan-Geoffry Prince en prof. Joseph Stanford, twee van Suid-Afrika se kundigste musikale legendes. Sy voormalige afrigter van ses jaar, me. Claudine van Breda, ‘n wonderlike klaviersdosent, is twee dae voor die finale rondte van die Atterbury Nasionale Klavierkompetisie in 2023 na ‘n lang siekbed oorlede. “Sy was baie liefdevol, soos nog ‘n ouma en nie streng soos ‘n mens van musiekonderwysers verwag nie. Sy was meer soos ‘n lewensafriigter,” sê Heinrich. Claudine was een van die stigters van dié kompetisie en toe Heinrich verlede jaar as die algehele wenner aangewys is, glo hy dat die verlies wat hy te midde van sy deelname moes trotseer, sy vingers heeltemal anders op die note laat dans het. Heinrich het in 2019 en 2021 onderskeidelik met die louere in die o.12- en o.15-kategorieë in dieselfde kompetisie weggestap en was voorheen ook ‘n solis vir die Johannesburgse Jeugorkes onder leiding van mn. Eddie Clayton. In April 2024 stap hy weg met die eerste prys by die Hennie Joubert

Klavierkompetisie in Stellenbosch, waar hy die voorreg gehad het om saam met die Kaapse Filharmoniese Orkes op te tree.

Heinrich sê: “Ek glo dat God vir my talente gegee het wat ek na die beste van my vermoë moet ontwikkel en uitleef, want as jy dít wat Hy vir jou gee nie gebruik nie, sal Hy dit vir iemand anders gee. God kyk na wat jy doen en Hy sal jou harde werk beloon.” Volgens hom is musiek sy grootste passie, maar dit is nie al waaraan hy sy tyd bestee nie. Hy is mal oor fisiese aktiwiteite soos fietsry, swem en hardloop, maar hy bly liewer weg van enige sportsoorte wat dalk sy vingers kan beseer. Sy klavierspel verg baie opoffering, maar wanneer hy die kans kry, bring hy graag tyd met sy familie en vriende deur. Boonop, fokus hy hard op sy akademie, aangesien hy graag Aktuariële Wiskunde wil studeer.

Om klavier te speel, vereis baie van ‘n mens. Jy druk nie net twee wit note en ‘n mol en noem jouself Beethoven nie. Inteendeel, baie tyd, baie energie en baie opofferings word vereis as jy sukses wil bereik. Heinrich hou Hoërskool Waterkloof se naam op kultuurfront hoog en inspireer mense deur sy musiek, nie net in die skool nie, maar landswyd. “*And if all else fails,*” voeg hy laastens by, “*just be kind.*”



Kloof aan die kook by die Van Huyssteens

Nicolas du Plooy

Die 2024-redenaarsjaar skop af soos ‘n hoëveldse donderstorm en Kloof maak skoonskip by die alombekende Van Huyssteens-oratorsfees. Vyftig Klofies het by Die Afrikaanse Hoër Seunskool deelgeneem en die Klofies loop met nege afdelingswenners en ‘n totaal van 29 hamertjies weg! Die kersie op die koek was toe Kloof as die algehele wenner van dié uiters uitdagende en kompeterende redenaarsfees aangekondig is. Kloof is beslis nie op sy mond geval nie!

Dié onvoorbereide redenaarskompetisie is ‘n hoogtepunt op ons kalender. Dis bekend vir sy innoverende, kontroversiële en taai onderwerpe. Individuele sprekers het 45 minute voorbereidingstyd en spanne het ‘n uur gekry. En glo my, daardie tyd vlieg in ‘n oogwink verby. Onderwerpe word in die saal getrek en dan hardloop ‘n mens die Comrades na die voorbereidingslokaal toe, terwyl jy die onderwerp lees en spanlede stry oor watter onderwerp om te kies. Jy het omtrent ‘n Urbanol of twee nodig om die senuwees te bedaar. Dan skarrel jy vir pen en papier en voor jy kan sê:

“45 minute”, moet jy die toespraak voordra (en op só ‘n manier dat dit soos ‘n voorbereide toespraak klink). Nee kyk, as jy gewig wil verloor, skryf jouself vir só ‘n kompetisie in. Tussen die gehardloop, die sweet en niks eet nie, sal jy definitief ‘n kilogram of twee afskud. Die gewig word natuurlik



Matriek Orators
- Foto verskaf -

alles weer tydens die gala-aand opgetel, te danke aan al die vingerhappies en versnaperinge!

Die kompetisie bestaan uit ‘n Afrikaanse, Engelse en Tweetalige afdeling. Vir spanne moet jou toespraak tussen agt en elf minute lank wees en individuele sprekers moet tussen drie en vyf minute praat. Jy moet drie sterk argumente hê met bronne en feite om dit te staaf. Só ‘n senutergende oefening sit dus nie in enigeen se broek nie. Daar was verskeie omstrede onderwerpe soos: die BELA-wetgewing, onwettige immigrasie en politiek. Die graad 11-tweetalige span het teen twee AHS-spanne oor die onderwerp: “*circle of life*”, wat onderwerpe soos verkiesings, korrupsie en tasbare kommoditeite insluit, gepraat. (Hier was die onderwerp én die uitslag kontroversieel).

Dié generasie van vandag wil mos net iets doen as hulle iets uitkry. Of jy nou kies om redenaars te doen omdat jy daarvan hou om te redeneer, of net op ‘n skattejag na pret is, redenaars sal beslis vir jou waarde tot enige toekomstige beroep toevoeg. Miskien net nie as jy kies om ‘n mimiekkunstenaar te word nie ...

Agter die gordyne: Waterkloof se toneelwêreld

Claudia van Wyk


Hierdie jaar bewys Waterkloof se kultuurdire weereens dat hulle wêreldklas is deur nie een nie, maar drie tonele op die planke te bring. Dit is beslis nie maklik om ‘n toneel te organiseer en te laat realiseer nie. Ook nie om tyd in al die toneelleeders, wat ook koor-, rugby-, drama- en krieketleeders is, se programme te kry om te oefen nie. Juf. Carla van Staden, Nika Hood en Marli Viljoen kry dit egter reg.

Die eerste toneel is Lig - ‘n toneel oor die donker. Die aarde se satelliete gaan ontplof en die wêreld se enigste hoop is dat Allani, gespeel deur Claudia van Wyk, leer om weer vir haarself te dink - sonder sosiale media. Saam met wetenskaplike, Romana, (Mignonette Steenkamp) en die ander toneelspelers: Laureanne Geertsema, Nicholas Robinson, Kiana Page, Ghita Schoeman, Danielle van Niekerk, Marli Kloppers, Dian Roux en Zinnae Basson wat almal internet-argetipes is, word die toneel lewendig. Die absurde teaterstuk, geskryf deur juf. Carla van Staden, is deur mense se internetverslawings geïnspireer. Die akteurs sê dat jy baie soepel moet wees as jy in die stuk wil speel, want hulle moet formasies met hul lywe bou en op baie onnatuurlike maniere beweeg. Die akteurs sê dat jy ook moet kan sing, want daar is ‘n sangtoneeltjie. As jy ‘n toneel wil sien wat baie aktuele kwessies aanspreek, maar ook skreusnaaks is, mag jy nie hierdie toneel mis nie.

Die tweede toneel waarvoor ons in spanning wag, is Skermpie, deur Marli Viljoen. Die toneel is ‘n satiriese komedie en ‘n riller wat ‘n insiggewende vraag vra: Beïnvloed agter die skerms jou skerm? Die toneel gee ons ‘n kykie in die filmindustrie en spreek geldgierigheid en die sielloosheid van die filmwêreld aan. Marli se idee vir die toneel is deur haar studies geïnspireer. Sy is ‘n handelsmerk strategiestudent en in hulle les oor produkplasing in die filmindustrie het sy begin dink oor hoe die advertering van ‘n produk die storielyne van films en TV-reekse beïnvloed. Marli hoop dat haar toneel onder dieselfde kam geskeer sal word as tonele uit die pen van haar twee gunstelingskrywers, juf. Carla van Staden en Christopher Nolan. Die akteurs in die toneel is Anja Maranta as Emsie Zeeman, Vian van Breda as dr. Roux Erasmus (die snaakste karakter in die toneel), Lumari Scherman as Bia, Monique Simmons as Bernice, Jane Steinmann as Kayla, Alexia Grobler as Karenina Piering en Ruan Groenewald as Ben. Hulle sê dat ‘n mens beslis fiks moet wees as jy in ‘n toneel wil speel, want as opwarming dans hulle vir ten minste vyf minute intensief op popliedjies. Hulle kan nie wag vir die res van Kloof om hulle poging om te opereer, te sien nie en sê dat die gehoor na ‘n skokkende einde kan uitsien.

Die derde toneel is My Familie - ‘n stuk geskryf deur Nika Hood oor die Hertzog-gesin wat oor Paasnaweek by Klein Kariba gaan kamp. Hulle ervaar ‘n bietjie onstuimigheid voor en tydens die kampervaring. Nika sê dat sy die toneel geskryf het toe sy self nog op hoërskool was en dat sy dit op haar ouers en ‘n semiware verhaal uit haar jeug gebaseer het. Nika se grootste inspirasie in die toneelwêreld is Lizz Meiring en daarom is die humor in die stuk deur Lizz geïnspireer. Die donker komedie word opgevoer deur Cara Grebe in die hoofrol as Daleen, Tessa Vorster wat Petra speel, Elmar Smit as Danus en Christian Basson as Tinus. Die spelers sê hulle is opgewonde oor die toneel se klimaks en dat dit regtig die DONKER in donkerkomedie sit.

As jy lief is vir lag, moet jy ‘n draai by Waterkloof se toneelfees maak en na die handewerk van Danika van Heerden as die grimeerkunstenaar en na Carla van Staden, Nika Hood en Marli Viljoen as skrywers en regisseurs kyk. Die toneelspelers werk hard om Waterkloof se naam hoog te hou en daarin slaag hulle beslis!



‘n Dag in die lewe van Pappa-D

Nicolas du Plooy en Krige Steyn

Aan die einde van ‘n elletange, senutergende, vreesaanjaende, geteëde gang, sit daar ‘n man in sy kantoor. ‘n Man met ‘n formidabele teenwoordigheid en ‘n oneindige aantal verantwoordelikhede. Kom ons loop ‘n dag in sy skoene (of vellies).

Mnr. Denysschen sê dat die perfekte dag voor dagbreek, om 04:30 begin. Sy oggendroetine behels om klaar te maak, Bybelstudie te doen en ontbyt te eet. Hy arriveer om twintig voor sewe by sy trots, die skool.

‘n Goeie dag eindig 16:00, terwyl ‘n besige dag soms eers 23:45 eindig. Hierdie besige skedule vereis dat hy konstant op sy voete is en dit hou hom topfiks. Wie het ‘n oefensessie nodig wanneer jy ‘n dag volgens die skoolhoof se skedule werk?

Mnr. Denysschen glo dat dit belangrik is om sy personeel en die leerders positief te hou, want sy gemoed het ‘n direkte invloed op die verloop van die dag. ‘n Goeie week by Kloof kan nie vlamvat sonder ‘n vurige vierkantopening nie. Hy het definitief ‘n manier om jou met sy gevleuelde woorde van morbied na gemotiveerd te kry! Toe hy gevra is of hy vir die opening voorberei, het hy geantwoord dat hy daarin glo om

uit die hart uit te praat eerder as om woorde af te lees, want dit is nie noodwendig hoe ‘n mens voel nie.

Die hoof is ook gevra wie die meeste sou sukkel indien hulle beroepe moes omruil - hy of sy vrou, juf. Denysschen? “Dit sal ‘n wetenskaplike eksperiment op sy eie wees, want wat ek van Wetenskap weet, is gevaarlik,” sê hy. Ons hoof antwoord dat hy die passiepersoonlikheid het teenoor sy vrou wat die perfeksie-persoonlikheid het. Hy dink wel dat hy meer sal sukkel om aan te pas, aangesien ‘n klas nie, soos sy vergaderings, uitgestel kan word nie. As die hoof ‘n oorlewingsgids vir hoofde moes skryf, sê hy: “Verstaan jou kinders se harte”. Mnr. Denysschen glo dat die verhouding tussen hom en die leerders ‘n vennootskap en nie ‘n skeiding van mag en rang is nie.

Toe daar aan die hoof gevra is as sy dag as skoolhoof ‘n flik was, watter genre sou dit wees, antwoord hy: “Dit sal wissel tussen komedie en ‘n gruwelflik!” Dis ‘n feit dat die gemoedstemming

in die administratiewe gebou so wisselvallig soos die beurtkragskedules is. Tog is daar ‘n vraag wat almal laat kopkrap. Hoe kan hy so verbaas tydens ‘n gereëelde staking

lyk? As ‘n stresontladingsaktiwiteit, kyk hy graag HGTV, kanaal 177. Mnr. Denysschen sal beslis in ‘n ander lewe ‘n bobaas bouer kan wees. Net soos wat bouers huise restoureer en daaroor droom, droom hy oor ons skool. Hy vind sy daaglikse inspirasie in die spreuk: “Niks is onmoontlik nie, selfs die Woord sê dis moontlik.” Hy sê dit is wel moeilik om ‘n balans tussen sy gesins- en beroepslewe te handhaaf, maar sy gesin het begrip vir sy verpligtinge. Hulle is sy weerligafleiers; ‘n bietjie samesyn rondom die etenstafel maak sy hart se Jojo-tenk weer vol.

Dié wat dink dat Meneer, op ‘n dag af na ‘n goeie geesvang, met ‘n Virgin Mojito langs die swembad bak, sit die pot heeltemal mis. Hy is gewoonlik dan ook by die skool, maar noem dat dit eintlik nie soos werk voel nie, want dit is sy passie. Sy wens vir die skool is dat die kinders net gelukkig sal wees en sal leef en laat leef.

Mnr. Denysschen is ‘n man wat vir niks skrik nie. Hy word aan sy: “Hartlike goeiemoëre” geken. Hy werk dat die spoeg spat en het ‘n onbeskryflike passie vir kinders. Hy laat die skip van Waterkloof vaar, al tref Kloof soms onstuimige waters, 500 Druppels en al. Oos, wes, suid of noord, hy is enig in sy soort. Sterkte aan enigeen wat sy skoene (of vellies) gaan probeer volstaan.



Mnr. Chris Denysschen
- Fotograaf: Kean Kempen -

TV-resensie

Casey Robertson

Chasing the Sun 2: herleef die hoendervleis

Chasing the Sun 2, word tans as die beste rugbydokumentêr ter wêreld beskou. Dié dokumentêr vang, wat dit werklik beteken om ‘n Suid-Afrikaner te wees, vas. Dit gee jou die kans om weer die naelbytoomblikke, die trotse gevoel, die teleurstelling en die hoendervleis te herleef ... die Springbokke se triomfantlike oorwinning in die Wêreldbeker-eindstryd.

Ons kyk agter die skerms na die voorbereiding van só ‘n wêreldklasafritingspan. Dit behels nie net fisieke beplanning nie, maar ook haarfyn strategiese beplanning. Die span het selfs van video-speletjieprogramme en -simulasies gebruik gemaak om hul bewegings te oefen. “It felt like playing PlayStation.” Gedurende oefeninge, na aanleiding van wedstryde, het die afriters die opposisiespanne se volksliedere gespeel om geestelik vir die skare se rumoer en uitjouery tydens die wedstryd, voor te berei.

Die onderhoude het vir ons meer sin agter die hoofafritter, Rassie Erasmus, se kontroversiële sewe tot een skeiding van reserves, asook sy besluit om ‘n onveranderde 23 spelers vir twee opeenvolgende wedstryde te hou, gegee. Rassie het die waters behoorlik getoets en het selfs oorweeg om onder andere die kaptein, Siya Kolisi en Eben Etzebeth, vir ‘n wedstryd van die veld af te haal. Siya het in homself getwyfel en moes daarop reflekteer. “Is ek arrogant? Is dit hoe my span en my afriters my sien?”

Die dokumentêr gee meer insig oor bespiegeling dat die spanne in die finaal uit twee spanne vanuit die Noordelike Halfrond

sou bestaan, asook die druk wat lande in die Suidelike Halfrond as gevolg hiervan ervaar het. Die Springbokke het doodsdreigemente na hul uitklophoue teen Frankryk en Engeland ontvang. Die span het in vrees geleef en het selfs in die geheim geoefen en alle kameras met T-hemde toegegooi.

Die vrae op almal se lippe is gou-gou beantwoord. Die meeste kykers wou beter verstaan waarom Manie Libbok steeds as stelskopper opgetree het na sy nederlae om die rugbybal deur die pale te skop.

Die Britse pers is met wraak vervul na aantuigings van beweerde opmerkings deur Bongani Mbonambi teenoor die Engelse rugbyspeler, Tom Curry. Hulle was sensasie-soekers toe dié storie die grootste dryfveer agter die Britse media geword het. Bongani se emosionele kwesbaarheid is op kamera vasgevang en die stereotipe, dat ‘n sterk man nie mag huil nie, is verkeerd bewys. Selfs ‘n Springbok-haker kan huil. Tussendeur al die kwale in Suid-Afrika, het Suid-Afrikaners nooit hulle sin vir humor verloor nie. Gou is die Suid-Afrikaanse media, met grappies van elke “kant” af, oorlaai.

Soos egte Suid-Afrikaners, het niks die span ondergekry nie en vir die vierde keer in die toernooi het die Springbokke skoonskip gemaak en met die Webb Ellis-trofee weggestap. Mense van verskillende rasse het mekaar omhels en rasseverdeeltheid het verdwyn. Die Bokke het die beker huis toe gebring.

“To hold the cup is nice, but we want to see the people at O.R. Tambo waiting and celebrating. It’s not the cup we play for, it is for South Africa!” – Rassie Erasmus



A Story For South Africa

CHASING THE SUN 2

Musiekresensie

Anja Maranta

Please stay! Nee ... please stop

Benson Boone, ‘n gewilde sanger en liedjieskrywer wat oorspronklik sy musiek op TikTok gedeel het, het net soos sy treffer, Beautiful Things, vinnig roem verwerf nadat hy ‘n oudisie vir American Idols in 2021 afgelê het. Hoewel, Katy Perry vir hom gesê het dat hy die kompetisie kan wen, het hy voor die einde van die seisoen onttrek. Hy is toe deur Imagine Dragons se voorsanger Dan Reynolds raakgesien, wat hom by sy platemaatskappy, Night Street Records, ingetrek het.

Boone se lirieke is as diep, emosioneel en motiverend beskryf - veral nadat hy die liedjie In the Stars na sy ouma se dood geskryf het, en Cry om mense teen narsistiese verhoudings te waarsku. Vir Boone was dit baie vinnig Fireworks & Rollerblades en ek moet erken dat ek self deur die jong kunstenaar se skryftalent beïndruk is. Gou was sy nuwe album (Ghost Town) deel van my Spotify-lys.

Later het die 49 minuut en 15 sekondes van Boone se album soos Forever and a Day begin voel. Die toonhoogte van sy stem

het my gou begin irriteer en ek het gevoel dat as hy nie Slow it Down nie, hy dalk sy stembande mag beseer. Die oorgang tussen sy liedjies is goed, maar die Kersfees/ Disney-gevoel in van die liedjies, sit my af.


Die album, Fireworks & Rollerblades, is niks besonders nie en daar is niks fout daarmee nie. Party mense hou van doodnormale popmusiek wat soos elke tweede liedjie op die radio klink. Hy word as ‘n goeie popkunstenaar voorgestel, maar ek verskil daarvan. Met van sy liedjies sal hy eerder meer by die Drunk in my mind-sangers aanklank vind.



Boone se ambisie, passie en skryftalent word gerespekteer. Hy was ‘n vinnige briesie vars lug op Spotify, maar hierdie album is nie ‘n Love of mine nie.

antwoorde. Wie se geestek is die? 1 A, 2 E, 3 C, 4 J, 5 E, 6 H, 7 D, 8 B, 9 G, 10 I, 11 K

Nuwe ouditorium in wording ...



ONDER KONSTRUKSIE

Ouditorium vordering

- Fotografe: Jaco de Bruin (Lexkon), Nandi Gous, Rigardt Roos -

THE BEST
STUDENT
ACCOMMODATION
IN POTCHEFSTROOM

ACCREDITED
NORTH-WEST UNIVERSITY

INDIVIDUAL + SHARING ROOMS | BACHELOR + 1 BEDROOM APARTMENTS

Close to campus | Partly furnished | 24/7 Security | Wifi available | Secure Parking

OUR RESIDENCES

FAIRVIEW **My Molen** **UniGardens** **THE Graduate** **The Oaks**
MOOIRIVIER APARTMENTS **THE BELL** **Baccalaureus** **Sofia** **Mooizicht Manor**

OppiKampus
STUDENT ACCOMMODATION

*T&Cs APPLY | SELECTED SERVICES AT SELECTED RESIDENCES
018 285 7400 | 060 755 7490 | info@oppikampus.co.za
www.oppikampus.co.za

Alice-NEXT LEVEL LOST



Stres + hope handboeke + min ure slaap = nog steeds agter

Kayla Strydom en Danielle van Niekerk

Het jy al gewonder of dit net jy is wat soveel stres ervaar oor die werk waarby jy nie uitkom nie? Die Klofiekas het gaan ondersoek instel.

Ekonomie is nie 'n vak vir lui leerders nie! Die hoeveelheid werk is 'n sewe uit tien met baie leerwerk. Die Ekonomieleerders geniet die vak so sewe uit tien, omdat hulle insig kry oor wat in die ekonomie en politiek gebeur. Die stresvlakke is agt uit tien.

Besigheidstudies is vir dié wat daarvan hou om werk te memoriseer. Daar is baie leer- en skryfwerk (tien uit tien), maar leerders ervaar nie hoë stresvlakke nie (ses uit tien). Die genotsvlak is agt uit tien, want die onderwysers bied dit interessant aan.

RTT kry agt uit tien vir die hoeveelheid werk, omdat daar drie verskillende afdelings is: teorie, prakties en PAT. Lae genotsvlakke word ervaar met 'n ses uit tien, hoewel RTT jou met waardevolle rekenaarvaardighede toerus. Die stresvlakke is agt uit tien.

IT is een van die onderskatte vakke, dit is soos RTT op steroïedes. Die leerders ervaar die werkslading as nege uit tien met stresvlakke van agt uit tien as gevolg van die praktiese eksamen wat uit probleemoplossing bestaan. Die genotsvlakke is ses uit tien.

Die toekomstige wetenskaplikes en ingenieurs sit in die **Fisiese Wetenskap** klas met 'n traantjie of twee wat op hulle boeke val. Leerders sê dat hul werkslading 'n punt van agt uit tien is en die stresvlakke is nege uit tien. Hierdie Einsteins ervaar genotsvlakke van sewe uit tien as gevolg van opwindende eksperimente.

Met 200 PowerPoint-slides en geluksvlakke so laag as drie uit tien, is **Biologie** 'n vak wat vir baie leerders 'n nagmerrie is. Leerders rapporteer 'n werkslading van nege uit tien en stresvlakke van agt uit tien. Hulle geniet die prakties waar hulle die harte van skape dissekteer. Die vak is nie vir leerders wat maklik gril nie!

'n Derde taal klink nie so rof nie, maar **Frans** is nie kinderspeletjies nie. Die juniors leer oor die grondslag van

die taal en in matriek is letterkunde ook in die kurrikulum ingesluit. *Bonjour beaucoup de travail!* Die werkslading is sewe uit tien met stres wat gemiddeld ses uit tien is. Die leerders geniet die vak baie met agt uit tien.

Toerisme is vir toekomstige lugwaardinne en natuurbewoerders. Hulle geniet 'n werkslading van vyf uit tien. Die leerders geniet Toerisme baie met nege uit tien, omdat die werk interessant is en jy meer oor die wêreld leer. Lae stresvlakke word ervaar met vier uit tien. Die leerwerk is maklik, maar die onderwysers probeer jou uitvang.

Geografie is 'n vak waar leerders die werk wat hulle leer in die wêreld kan raaksien. Jy leer bv. van aardverwarming en hoe daardie klippie in jou skoene oor miljoene jare gevorm het. Dit veroorsaak genotsvlakke van agt uit tien. Geografie het 'n werkslading van sewe uit tien en lae stresvlakke van vyf uit tien.

Ontwerp is soos vyf vakke in een. Die hoeveelheid werk is tien uit tien met teorie en komplekse praktiese take. Die leerders geniet die vak met 'n nege uit tien; hulle leef hul passie uit deur te teken en te skilder. Die leerders ervaar hoë stresvlakke van tien uit tien, omdat hul take tydrowend is.

Jy dink dalk dat die Dramaleerders sit en improvisasiespeletjies speel, maar jy is van koers af. **Drama** is meer werk as wat 'n mens dink, met 'n werkslading van sewe uit tien. Hulle moet tonele analiseer en praktiese opvoerings doen, maar dit is die moeite werd. Die leerders se genotsvlakke is nege uit tien. Hulle ervaar stresvlakke van vyf uit tien.

Kloof se mees praktiese vak is **Dans**. Die vak is vir die fiksste leerders en dié wat bereid is om alles te gee. Die werkslading is nege uit tien. Dansers oefen daaglikse ter voorbereiding van hul eksamens en die jaarlikse dansvertoning. Stresvlakke is hoog met agt uit tien, maar die leerders is passievol en ervaar geluksvlakke van agt uit tien.

Die vak wat toekomstige Mozarts kweek - **Musiek!** Die vak bestaan uit drie afdelings: musiekkennis, musiekteorie en musiekprakties, waar leerders 'n musiekinstrument

bespeel of sing. Die musiekleerders ervaar die werkslading as nege uit tien, stresvlakke as agt uit tien en genotsvlakke as agt uit tien.

Die boere leef hulself uit in **Landboutegnologie**. Leerders word geleer hoe om praktiese projekte te ontwerp, asook hoe om toerusting te herstel en te onderhou. Hulle ervaar 'n werkslading van agt uit tien, maar lae stresvlakke van ses uit tien. Leerders geniet die vak met genotsvlakke van agt uit tien.

Geskiedenis beteken hope skryfwerk. Leerders sê dat die werkslading ses uit tien is en dit behels baie leerwerk. Leerders geniet die vak met geluksvlakke van nege uit tien, maar sê dat sommige van die werk baie herhaal en vervelig raak.

Alpha Wiskunde – die vak vir die slimkoppe. Die hoeveelheid werk is vyf uit tien, maar jy moet verstaan wat om te doen. Die leerders geniet dit met 'n sewe uit tien, omdat die werk moeilik raak. Stresvlakke verhoog voor die eksamen met 'n punt van sewe uit tien.

As jy ooit weer voel asof jy die enigste een is wat onder jou vakke se druk verbreek, onthou net dat daar baie leerders is wat presies dieselfde as jy voel!





ADVENTURE SPORTS EXCHANGE

YOUR ULTIMATE TRAVEL SOLUTION!!

COST EFFECTIVE TOURS, THAT FIT YOUR BUDGET, AND GIVE YOU MORE VALUE FOR MONEY

- School Sports & Cultural Tours
- Tailor-made Travel Adventures
- Personal Travel Co-ordination
- Corporate & Incentive Travel

bookings@adsport.co.za 031 563 6352 www.adsport.co.za Follow us  

Time To Travel

GET READY FOR A NEW ADVENTURE





Professionele hulp met loopbaanbeplanning

deur 'n geregistreerde loopbaan-afrigter

Hoekom?

Vak- en loopbaankeuses kan oorweldigend wees sonder hulp, riglyne of hulpbronne. Ons bied professionele leiding aan hoërskoolleerders om vir hulle toekomsdrome te beplan. Met gestandaardiseerde evaluering, self-ontdekking en interaktiewe gesprekke word 'n aantal loopbaanopsies vasgelê vir navorsing en opvolg-gesprekke.

Die proses betrek die leerder by meer as net assessering, om die impak van belangstellings, persoonlike eienskappe, voorkeure en afkeure by loopbaankeuses uit te pluus. Dit is van waarde vir Graad 9-leerders (vakkeuses) en vir Graad 11-leerders om loopbaanopsies en studierigtings te ondersoek. Hulpbronne en riglyne word verskaf om die leerder by te staan.

Stappe	leerder se onderneming
Assessering vir selfontdekking	Voltooi die assessering aanlyn
Gesprek: resultate, loopbaanrigtings	Woon 2-ure gesprek by (Ouer: 15 min)
Riglyne, hulpbronne	Navorsing, geskrewe terugvoering
Opvolggesprek	Reël 'n gepaste datum

Die doelwit van die assessering is self-ontdekking om te help met ingeligte besluite rondom potensiele loopbane. Met die inligting en doelgerigte gesprekke help ons om moontlike loopbaanopsies te identifiseer. Na gelang van voorkeure, waardes en belangstellings, sal seker loopbaanvelde meer gepas en aantreklik wees.

Hoeveel?

R1200 (assessering, interaktiewe sessie, werkboek, verslag en opvolg ingesluit)

Waar?

Rietvalleirand (Pretoria Oos) of ander ligging op versoek

Wie?

Kontak my gerus. Ek is 'n geregistreerde loopbaan-afrigter met 35 jaar ervaring in die korporatiewe omgewing.

Ilisa Botes



ILSA BOTES
Internationally Registered
Coaching Practitioner in
neuro-coaching and
career planning

(+27) 0670194874
ilsabotes20@gmail.com





Motivation playlist

Cara Grebe

Het die eksamen jou heeltemal uitgeput? Hier is 'n *motivation playlist* vir al jou kwartaal drie uitdagings.

Kreatien: Held of skurk?

Die invloed van kreatien op jong volwassenes

Lize Erasmus, Jani Strydom, Miné Naude, Claudia van Wyk

Kreatien is 'n chemiese verbinding wat jou liggaam natuurlik produseer. Dit kom ook in proteïenryke kos voor soos melk, vleis, tuna en salm. Kreatienaanvullings kan in poeivorm, in die vorm van kapsules, kreatiensout en kreatien-*gummies* gekoop word. Kreatien se hoofdoel is om energie aan jou spiere te verskaf wat jou in staat stel om vir langer periodes en teen hoër intensiteit te oefen. Dit is daarom baie gewild onder atlete wat vir lank baie intens oefen, onder andere middelafstandatlete en sekere sportmanne soos stoeiers. Kreatiengebruik voor groot kompetisies is onlangs verban, aangesien dit 'n prestasieverbeteringsmiddel is. Kreatien bevorder ook breingesondheid en funksionering, dus sal jy beter en ook vir langer tye kan konsentreer. Alhoewel kreatienaanvullings in die meeste lande 'n ouderdomsbepanking van agtien jaar of ouer het, hoef jy jouself nou nie boeglam te skrik as jy as 'n tiener onder agtien nou reeds kreatienaanvullings gebruik het nie. Die regulasies is slegs ingestel omdat daar nog nie genoeg navorsing gedoen is oor die effek van kreatien op 'n jong liggaam nie. Dieetkundiges stel voor dat jy eerder die kreatienaanvullings vermy tot jy jou bestuurslisensie of matriek geslaag het.

Druk wat tieners ervaar om kreatien te gebruik:

Eat, sleep, GYM, repeat. 'n Algemene mantra onder tieners. Skoolkinders se prioriteit is om by te hou by die huidige tendense en modes om sodoende by hul portuurgroep en sosiale kring in te pas. Die konstante druk wat op tieners geplaas word deur vriende, rolmodelle en sportafrigters om hul sportuitslae en liggaamlike voorkoms te verbeter, moedig die stygende gebruik van kreatienaanvullings onder skoliere aan. Kreatien is maklik verkrygbaar, goedkoper as die meeste aanvullings en bring sigbare resultate binne twee tot vier weke. Kreatien word vrylik verkoop en is 'n gewilde produk in die gesondheids- en fiksheidsbedryf, veral onder jong volwassenes, juis omdat dit 'n toegangskaartjie tot aanvaarding onder tieners is.

Die invloed van sosiale media op die gebruik van kreatien onder skoliere:

Die spiertier wat gereeld op *Instagram* pryk, gebruik waarskynlik kreatienaanvullings en dalk nog iets meer. Verskeie sosialemediasterre spog met 'n gespieerde voorkoms om aan die huidige tendens te voldoen.

'n Studie in 2023 toon dat ongeveer 16 - 55% van seuns en jong mans, en 6 - 33% van dogters en jong vrouens aanvullings vir verbeterde optrede en resultate gedurende fiksheidsoefeninge gebruik. Die navorsers se gevolgtrekking is: tieners wat meer tyd op sosiale media deurbring, is geneig om meer energieverwante aanvullings te koop. Fiksheidsrolmodelle op sosialemediaplatforms prioriteer hul gespieerde voorkoms eerder as hul gesondheid. Die onrealistiese voorbeeld wat fiksheidsguru's vir jong kykers stel, beïnvloed die wyse waarop adolessente hul liggame sien en na hulself omsien. Dit veroorsaak dat mense onbereikbare liggaamsideale koester en dit kan depressie, eetversteurings en dwelmmisbruik tot gevolg hê.

Voordele en nadele van kreatien:

Volgens die artikel: *What is creatine? Potential benefits and risks of this popular supplement*, geskryf deur dr. Howard Lewine en gepubliseer op die webtuiste *Harvard Health* is daar baie voordele en nadele verbonde aan die gebruik van kreatien.

VOORDELE SLUIT IN:

Kreatien kan atletiese prestasie verbeter. Dit kan atlete se plofkrag en stamina verbeter, veral tydens hoë intensiteit aktiwiteite soos naellope. Kreatienaanvullings met voldoende kalorie- en proteïeninnome kan spierherstel na oefening bespoedig, want kreatien bevorder glikogeen in spiere wat nodig is om die genesingsproses aan te help.

Kreatien verlaag trigliseriedvlakke. Sommige studies toon ook dat dit mense met hartversaking kan help om meer oefening te kry, sonder om so moeg te voel.

Kreatienaanvullings kan mense wat aan spierdistrofie ly, met spierkrag help.

Volgens die artikel, *Creatine Supplements: An Overview*, geskryf deur Stephanie Watson en Kendall K. Morgan gepubliseer op die webtuiste *Webmd*, kan kreatien nuwe-effekte hê, veral as daar te veel ingeneem word.

DIE NUWE-EFFEKTE SLUIT IN:

As jy neig om angstig te wees, kan kreatien dit moontlik vererger.

Gewigstoename is ook 'n moontlike nuwe-effek wat mens kan afskrik om dit te gebruik.

'n Tiener se vel kan negatief beïnvloed word en meer in aknee uitslaan.

Wees ook bewus dat mens asemhalingsprobleme, diarree, moegheid, koors, hoofpyn, nierprobleme, naarheid en braking kan ervaar.

Wat is die beste kreatienaanvulling om te gebruik?

Navorsing toon dat die kreatien met die meeste voordele kreatienmonohidraat is. Kreatienmonohidraat verhoog in 'n kort tydjie die energievoorsiening aan spiere wat kan lei tot 'n verbeterde prestasie in hoë intensiteitsoefeninge soos fietsry en hardloop. Dit bevorder ook spiergroei en verhoog jou spierwaterinhoud, alles sonder die byvoeging van vetweefsel. Die proses staan as selvolumisering bekend.

Wat is die beste dieet- en oefenprogram om saam met kreatien te gebruik?

- Vir die beste resultate, moet kreatien saam met 'n koolhidraatryke dieet ingeneem word, maar ekstra koolhidrate moenie by 'n normale dieet gevoeg word nie.
- Proteïenryke maaltye is noodsaaklik om die beste resultate te verkry omdat die aminosure van die proteïene help om die mate waarin jou liggaam natuurlik kreatien opbou, te verhoog.

Natuurlike bronne van kreatien:

Jy kan op 'n natuurlike manier kreatien inkry deur vis, hoender, kalkoen, neute en sade, spinasie, hawermout, broccoli, avokadopeer, eiers, rooivleis en suiwelprodukte in jou dieet in te werk.

Bronne:

<https://pubmed.ncbi.nlm.nih.gov/10609446/>

<https://www.uhhospitals.org/blog/articles/2023/07/are-creatine-and-liquid-iv-save-for-teen-athletes#:~:text=For%20that%20reason%2C%20the%20American,%2C%20diarrhea%2C%20nausea%20and%20seizures.>

<https://www.childrenscolorado.org/conditions-and-advice/sports-articles/sports-nutrition/creatine/>

<https://www.sciencedirect.com/science/article/abs/pii/S1471015323000363>

Passie bo perfeksie... Passie vir Jesus

Laureanne Geertsema

Gedurende die week van 3 tot 5 April, het die Klofies gebedsweek gevier. Die gebedsmammas het hulle harte en hande saam vervleg, en met die grootste deernis hierdie week nog meer besonder vir elke Klofie gemaak. Hulle het spesifiek hierdie tema gekies, want hulle probeer altyd om by die skool se jaartema in te skakel. Dus, vanuit “Passie bo perfeksie,” het die 2024-tema vir die gebedsweek “Passie vir Jesus” sy grondslag gevind. En wat ‘n besondere grondslag is dit nie!

Buiten die drie dinamiese sprekers wat die skool soggens kom inspireer het, het die skoolterrein met die mooiste gebedstasies en aktiwiteite gepronk. Onder andere was die kapel daaglik oop vir die leerders se gebruik en die vierkant is met ‘n pragtige gebedsmuur versier. Hier kon die Klofies gebedsversoeke neerskryf, nie net vir jouself nie, maar ook vir iemand wat dit nodig het. Van die aktiwiteite het die volgende behels:

Spin the prayer wheel – ‘n inisiatief wat die leerders verskeie idees gebied het oor waarvoor en hoe hulle kon bid. Ook kon die Klofies hulle harte vir die omliggende gemeenskappe met die wasgoedpennetjie-aktiwiteit oopmaak. Hierdie pennetjies is opgehang met name van verskillende skole waarvoor jy kon bid, indien jy die wasgoedpennetjie kies. Die gebedsmammas het ons Bybelkennis verder met ‘n *doodle*-bord verryk. Hier is visuele uitbeeldings oor die betekenis van al God se verskillende name gemaak. Ons is ook oor sekere Bybelverse touwys gemaak. Jy kon bid vir spesifieke sake, waarna jy ‘n houtstokkie (met ‘n spesifieke Bybelvers op) kon neem en dan is daardie Bybelvers gebid. So het die Klofies deur die week gegroei, elkeen op sy spesiale plek in God se koninkryk – elkeen met sy eie Godgegewe talent! Die leerders kon hierdie talent op ‘n geskenkboksie neerpen, wat die Kapel se muur,

in die vorm van ‘n groot kruis, opgehelder het. Die klein silwer kruisies wat die Klofies huis toe kon neem, om hulle aan God se wapenrusting te herinner, was baie spesiaal.

Woensdag kon Kloof hulle vrese op papiertjies skryf, dit in ‘n ballon sit en dit opblaas totdat dit bars. Dit was ‘n pragtige simbool van vrees wat vernietig is. Donderdag is daar vir ons skool gebid. Die *prayer walk* op die rugbyveld was ‘n belewenis! Hier is daar woordvlaggies geplant oor sake wat die Klofies na aan die hart lê. Om dié geseënde week af te sluit, het Vrydag ‘n informele lofprijsing by die Kapel ingesluit.

Die gebedsmammas se liefde en diensbaarheid het verder sigbaar geword: nie net het hulle hulle doel bereik deur personeel, dienswerkers

en tieners te bedien met God se woord nie, die personeelkamer is ook verfraai en daar was daaglik lekkernye vir die personeel beskikbaar! Wat die hoofdoel tydens die week was, was om tieners te leer bid en om hulself beskikbaar te stel om vir mense te bid wat die behoefte het.

Aan ons liefwe gebedsmammas: uit ons harte uit, dankie vir dit wat julle vir Waterkloof doen en beteken. Woorde ontbreek ons! Mag die Klofies julle voorbeeld volg, en daaglik saam bou in geloof. En mag julle geseën word met dieselfde seën wat julle vir elke lid van die Kloof-gemeenskap is!

Bloubloedliefde in oorvloed dié winter

Mia Appelcryn

Met koue voete en gevriesde blou tone klop Kloof se omgeehart met nog meer bloubloedliefde as ooit tevore! Die jaar se kaalvoetoggendinsamelings is nie net aan een nie, maar aan twee organisasies geskenk. So, hoop Kloof om vele ander se lewens aan te raak en ‘n werklike verskil in die wêreld anderkant Kloof se hekke te maak.

Douvoordag het al die Klofies op die rugbyveld bymekaargekom om *hot chocolate*, koffie en goeie geselskap om warm vure te geniet. Die perfekte wyse om ‘n oggend soos dié af te skop.

Om Hemelvaart saam met die Klofies te vier, het Ivor Swartz met ‘n pragtige boodskap geopen en elkeen herinner waarom die dag werklik gaan - oor die genade wat ons elkeen daaglik ontvang en dié genade wat ons dus aan ander deur middel van omgeedade moet oordra.

Dis presies wat Kloof gedoen het! Met ‘n manjifieke totaal van 5 ton-klere ingesamel, was dit een van die suksesvolste kaalvoetoggendinsamelings, wat Kloof al aangepak het. As ‘n span het die Klofies warm klere vir minderbevoorregtes verskaf. So ploeg Kloof in die gemeenskap terug met hulle omgeeharte, vol van liefde, vir almal om te sien.

Die oggend se verrigtinge moes ongelukkig tot ‘n einde kom, terwyl die son almal se gesiggies oor die rugbyveld se randjie begin groet het. Met inspirerende stories en liedjies, van *America’s Got Talent*-finalis Thabang, het die oggend op die perfekte noot afgesluit. Die Klofies, dankbaar en tevrede, kon die dag aanpak en hulle liefde na die buitewêreld uitstraal.

Met bussies en bakkies gepak en gereed vir aksie, is Kloof se liefde aan Helpende Hand en Laerskool Generaal Nicolas Smit oorgedra. Die twee instansies het verseker dat die klere

by die mense in nood uitkom. Lewensverryking het self ook uitgereik en die helfte van die klereinsamelings by Laerskool Generaal Nicolas Smit gaan aflewer. Hulle het die dag daar deurgebring deur meer van die gemeenskap rondom die laerskool te leer en om so werklik die verskil te kan sien wat elke kledingstuk in iemand anders se lewe maak. Nog ‘n suksesverhaal van Kloof se omgeehart wat liefde aan almal uitstraal.



Kaalvoetoggend
- Fotograaf: Marlette Krüger en Elizmari Rootman -



Gebedsweek
- Fotograaf: Janneke Vahrmeijer -

WHEN BUYING A PIANO, WHAT TO LOOK FOR:

- 1 Quality
- 2 Size
- 3 Budget
- 4 Appearance
- 5 Purpose

Why Buy a piano?

Whether you a beginner piano student or a seasoned performer, buying a good quality piano should be on top of the list to perfect your technique. Buying a piano is educational, boosts creativity, increases IQ and is a source of fun for the entire family.

WS Pianos has 100 years of expertise in this field, book an appointment to view our vast range of pianos that will suit your pocket.

082 780 5632 | werner@wspianos.co.za
www.wspianos.co.za | WS Pianos | Werner Wilfried Stolze

Photos by Giancarlo Duarte on Unsplash


Van koue voete kom vreemde gedagtes...

Simoné de Leeuw

Hierdie jaar se kaalvoetoggend was een vir die boeke. Hoërskool Waterkloof het rekordgetalle klere ingesamel! Wat het die Klofies egter gedoen om warm te bly? Dit was baie interessant... Om elke braaier was daar ‘n Klofie wat soos ‘n flamink gebalanseer het. Hy/sy het op een been gebalanseer en die ander voet na die braaiers uitgestrek vir ‘n klein bietjie hitte. Gelukkig het nie een enkele Klofie aan die brand geslaan nie. Elke graad het ‘n mooi opgemaakte stalletjie met warm water en warmsjokolade gehad. Die Klofies het natuurlik die warm water gebruik en oor hulle koue voete gespat om ‘n bietjie hitte te genereer. Wat ons wel tydens die kaalvoetoggend geleer het, is dat die Klofies ‘n paar uitblinker idees gehad het.

Paparazzi-pret

Fotograwe: Jack Brevis, Daniek van der Westhuizen, Elsmari Kuperus, Juandré le Roux, Megan du Toit, Keesan Kempen, Marli Robertse en Marlette Krüger



PRET

Woordspeletjie

Mia van der Walt en Riané Muller

Vul die ontbrekende woorde vanuit sinne wat elders in die uitgawe gevind kan word, in. Soek dan die woorde in die woordsoek hieronder (die woorde kom in alle rigtings voor) en stuur 'n foto van jou poging op *Teams* aan juf. Retha Hofmeyr.

Sluitingsdatum: Maandag 15 Julie 2024

- _____ het in gr. 4 vir die eerste keer begin deelneem en _____ in daardie wedloop geëindig.
- Die leesstof is interessant, snaaks en baie _____.
- Só beskryf juf. Angie Crous se eie kinders (die dogters van _____) haar.
- Om met _____ in 'n geveg betrokke te raak, kan jou dalk lelik op jou neus laat kyk, want hierdie Klofie is _____ oor adrenalien wat deel van gevegsportsoorte is.
- _____ is haar nommer een inspirasie.
- My gr.12-voogklas is _____!
- Die _____ het hulle harte en hande saam _____, en met die grootste deernis hierdie week nog meer besonder vir elke Klofie gemaak.
- Die _____ van sy stem het my gou begin irriteer.
- Ek gaan eers 'n welverdiende blaaskans neem en _____
- dan wil ek _____ ingenieurswese studeer.
- Sy is 'n ware _____ – en jy sal ver moet gaan om 'n meer _____ juffrou te kry.
- Kloof wen ook die _____ teen Die Hoërskool Menlopark.

Staan 'n kans om R500 te wen!

t i g e d n a a g m b f n c n g k x e m t v n
z u s e n e i j s a m p l q o n f y w w t n u
p a h l g i a v t m i n e t t e k r u g e r f
e o n g e p i r e m b n a n h e h c s n e m o
c l z d b s x m t r o k r t c r m k r r l z i
v v x q e s x w y k v o a l j m j m q f q g r
f p r k d r n y i m c l l z j x s u r r i c g
m l f k s r k d s j m w e z s r s u s e j a v
i o d c m b f o h a c e n g p w m q i l h h r
a e f g a e e f o r t s r e t t i s r o o v q
c d q t m y x i p e l e b a d i m r o f v i a
u n u e m n z q b f o q x l i l s h m j q b k
f e s a a v l n t r g e c o e b v z d f c r u
p w b n s h b e e s e i d e m o i b y o c v q
f e l b t v b j p f b g i d n u k d e o v p o
j s h j m e t g o o h n o o t a o i f n q y n



SOEK VIR POULIE Vind die agt versteekte blou poue ook bekend as: Poufie

Tong-in-die-Kies

Nicolas du Plooy en Krige Steyn

Kwartaal twee was beslis 'n *Gold Reef City*-pretrit! Van Jojo Siwa, tot Jojo-tenks. Van galabesprekings tot die geliefde interkom se: “*Test one, two, one, two, three*”. Voor jy kon sê: “Saal” was die *WiFi* aan, af en weer aan. Dit was 'n kwartaal vol *cliché's*, soos: “Goed, beter, bemarking” en “Ek moet uitteken; ek gaan, uhm, tandarts toe.” (Volgens ons uittekenbriefies doen die tandartse in Pretoria BAIE goed. Jannie was al drie keer in die laaste maand tandarts toe, al lyk sy tande klopdisseelboom).

Die opedag was 'n reusesukses! Laerskoolleerders het van wyd en syd by die skool ingestroom om dié ikoniese dag te ervaar ('n Opgewonde graad 7 = 'n Druppel met potensiaal). Hulle is almal in Kloof se web vasgevang en dit word nou letterlik bedoel. Hier is werklik 'n plekkie vir almal. Die gange het oor die nuwe Klofieraad en toekomstige hoofleiers gegons. Kom ons sê net, die nuwe hoofseun het groot skoene (en groot kuite) om te vul. Ben en Anje sit nou die tradisie voort wat begin is deur Xander en Gailyn. 😊 Kaalvoetoggend was een om te onthou, alhoewel ek ALLES sal gee om die prentjie van almal se tone uit my kop uit te kry!

Mnr. Leon het hierdie jaar sekergemaak niemand vat 'n kans met bloedskenkdag nie. Hy het dosyne leerders soos 'n regte skaapwagter klas toe gejaag! *#bunkvirbloed*. Die “Op my case-episodes” was 'n hoogtepunt en het in goeie pousegesprekke ontaard. Gepraat van infrastruktuur, ek dink die regering kan 'n ding of twee by Waterkloof leer. Hier maak ons nie net leë beloftes nie, ons kry die ding gedoen! Selfs ons parkeergeriewe hou ons topfiks. Dit vat jou minstens drie besigheidsdae om by jou ma se kar uit te kom. Nou kan ons sommer LO-sport uit die syllabus haal!

Meisies se skeermesse gaan hiberneer en serpe saam met kortbroeke is 'n seer oog (slegs van toepassing op die seuns. Dames, julle is perfek!) Die winter is hier en só hoor 'n mens net hoese en proese om elke hoek en draai. Die nuwe geldeenheid het Strepsils en Nurofens geword. Om toets te skryf, is klaar pynlik, maar om toets te skryf terwyl jy siek is, met 'n gesaag van die saal se kant af en die gebrom van 'n trekker, is TRAUMATIES. Toe ons die eksamenrooster sien, was ons gemoedstemming so plat soos ons boude na vierkant. Na dié rapporte het sekere ouers dit goedgevind om hulle kinders koshuis toe te stuur, jy weet, vir die “struktuur en dissipline”. Daardie plek is sy eie ekosisteem ... 'n plek waar vriende vir die res van jou lewe gemaak word of totdat iemand jou laaste kos steel.

En so kom dié warrelwind van 'n kwartaal tot 'n einde ('n anti-klimaks as jy my vra). Onthou egter, dis die “Tong-in-die-kies” - kies om deur te druk, die jaar is halfpad klaar!




Meng-en-pas-speletjie

Simoné de Leeuw

Celebrity look a like




1 Ashton van Niekerk



2 Cherene du Plesis




3 Gustav Minnie




4 Heinrich Steenkamp




5 Lienka Viljoen




6 Mela Swanepoel




A Jenna Ortega



B Margot Robbie




C Ryan Gosling



D Sophia Bush



E Ed Sheeran



F Duan van der Merwe

Ontmoet Minette, Kloof se vroue-stoeisensasie

Kayla Borstlap

Om met Minette Kruger in 'n geveg betrokke te raak, kan jou dalk lelik op jou neus laat kyk, want hierdie Klofie is gaande oor adrenalien wat deel van gevegssportsoorte is. Minette, vanjaar in graad 12, het net een doel voor oë: om die Suid-Afrikaanse vlag in 2028, langs die stoeimat by die Olimpiese Spele in Los Angeles, om hoog te hou.

Waar en wanneer het jou liefde vir stoei begin?

Die gogga het sewe jaar gelede gebyt. Stoei is in ons familie - my pa was self 'n kranige stoeier en my boetie, CW, stoei ook.

Hoe lyk jou oefenprogram?

'n Strawwe *strength and conditioning*-oefensessie is smiddags na skool my voorland en weeksaande pas ek 'n stoei-oefensessie in. Naweke is dit toernooityd. Deursettingsvermoë is die wagwoord; daar is tye wanneer ek gewig moet verloor en dan wink diëte vir die volgende paar weke.

Hoe word stoei in Suid-Afrika onder vroue gesien?

Stoei word nie gesien as 'n sportsoort vir meisies nie, daarom groei die sport tans stadig. My motto is dat ek doen wat my gelukkig maak en dat ek my nie steur aan wat mense sê nie.

Op watter prestasies is jy die trotsste?

My silwer medalje (2022) by die Afrika-kampioenskap in Morokko vir o. 17, 65kg en my 17de plek by die Wêreldkampioenskap in Rome.

My vierde plek (2023) vir o. 17, 61kg is 'n groot mylpaal. Dit was ook my eerste jaar o. 20, 62kg-

kategorie waar ek ook 'n vierde plek in Tunisië behaal het. 2024 was goed vir my:

- *All African Games*: vyfde plek (Ghana)
- Afrika-kampioenskap o. 20: silwer medalje (Egipte)
- Afrika-kampioenskap seniors: brons medalje (Egipte)
- *African Ociana Olympic Qualifer*: sewende plek (Egipte)
- Op die wêreldranglys beklee ek die 19de plek in die 62kg-kategorie (alle ouderdomme ingesluit, waar ek ook die jongste is).

Ek is die trotsste op my senior medalje, want vir die eerste keer in agt jaar, is ek die eerste vrou wat 'n medalje, op senior vlak, vir Suid-Afrika inpalm.

Wat lê vir die res van die 2024-stoeiseisoen voor?

Ek is ingesluit in die span wat na die o. 20-Wêreldspele in Spanje gaan. Ongelukkig bots dit met my rekordeksamen. My regterknie se miniskus en ligamente is geskeur en ek

word eersdaags geopereer. My planne is om my knie tyd te gee om te herstel en op my akademie te fokus.

Wie inspireer jou?

Helen Maroulis, die Amerikaanse vroue-stoeisensasie. Haar dokumentêr op Netflix is beslis die kyk werd. Sy het beserings opgedoen en bo haar uitdagings uitgestyg om weer te kan stoei. Niks het haar gekeer om haar drome te verwesenlik nie.

My ouers wat baie opoffer om my te help om my drome waar te maak.

Klein dogtertjies wat begin stoei en ure langs die stoeimat deurbring, my dophou en sê dat hulle ook eendag "soos Minette wil stoei".

Deel enigiets wat Kloof nie van jou weet nie?


As ek nie oefen nie, slaap ek amper altyd.

Wat is die belangrikste lewensles wat stoei jou geleer het?

Wees nederig. Moenie te veel van jouself dink nie, want 'n mens kan nie altyd wen nie.

Hoekom sal jy vrouens aanmoedig om by die sportsoort betrokke te raak?

Stoei is 'n dissipline-leerskool vir die lewe. Dit leer vrouens om hulself teen aanvallers te beskerm en om onafhanklik te wees. Moed opgee is nie deel van 'n stoeier se woordeskat nie.



Minette Kruger

- Foto: Verskaf -

Vreeslike voorbereiding

Je-miné de la Rey

Dis geen geheim dat Waterkloof, wêreldklas-sportsterre soos Faf de Klerk, Janneman en Dawid Malan, Rohan Janse van Rensburg, Stedman Gans, Christiaan Bezuidenhout en die lys gaan net aan, oplewer nie. Kom ons kyk 'n bietjie hoe ons leerders voorberei om wêreldklasresultate op te lewer.

Ons atlete (Heike de Klerk - driesprongatleet; Lara van der Merwe – langafstandatleet) hou hulle litte los! Hulle maak seker dat hulle goed gestrek het voordat hulle deelneem. Grondboontjiebotter is hulle beste vriend en geheime wapen om te verseker hul energievlakke is nie net op standaard nie, maar waarlik wêreldklas, nes die skool wie

se wapen hulle met trots dra. Ons atlete integreer ook musiek om hulle in die regte kopspasie voor 'n item te kry.

Ons krieketers kraai koning met hulle wêreldklasvoorbereiding, want hulle het nie verniet die onlangse Finsbury-liga gewen nie. Vir dié manne gaan dit oor spanwerk! Voordat 'n wedstryd aangepak word, is dit belangrik om saam 'n strategie uit te werk. Riley Miller, 'n eerstespanspeler, maak seker dat hy 'n roetine volg en goed opwarm om beserings te voorkom.

Die span werk regdeur die jaar aan fiksheid en vaardighede om seker te maak dat Waterkloof se krieket tops bly!

Wat al ons sportsterre wel met mekaar gemeen het, is dat niemand dit sonder die Here aanpak nie! Ons leuse is definitief nie verniet "Bou in geloof" nie. Die leerders gebruik elke moment om erkenning aan God vir hulle talente te gee. Hulle beoefen hul sport met respek, integriteit, loyaliteit en Johannes 14:6 - "Jesus is die weg, die waarheid en die ewige lewe".

Lara hardloop tot by wêreldklasstatus

Dieter Stehle

Lara van der Merwe was een van ses atlete om Suid-Afrika by die Landloop Wêreldkampioenskap (*WORLDS*), wat vroeër vanjaar in Serwië plaasgevind het, te verteenwoordig. Lara het die stryd in die o. 20-afdeling teen deelnemers van 52 lande gevoer. Die reis na haar deelname op 20 Maart 2024 was beslis nie maklik nie.

Lara het in gr. 4 vir die eerste keer begin deelneem en sewende in daardie wedloop geëindig. Haar passie vir landloop het eers in die hoërskool regtig vlamgevat. Op die baan is Lara 'n ander mens, veral 'n blitsige een! Sy oefen sewe dae per week, en vier van die sewe dae oefen sy twee keer per dag. Haar raad vir voornemende landlopers is: "Begin net, moenie bang wees nie en glo in jouself."

Om by die *WORLDS* te kom, moes sy eers by die SA's onder die topses in haar ouderdomsgroep eindig. Sy het daar 'n tweede plek verwerf. Daarna moes sy teen al die topses- SA-atlete van gr. 10 tot 12 deelneem. Die topses-atlete het gekwalifiseer om by die *WORLDS* deel te neem. Die enigste negatiewe ervaring wat Lara gehad het, was die hordes papierwerk wat voltooi moes word.

Lara sê dit was 'n groot eer om die SA-kleure te dra en ons land te verteenwoordig. Sy wil oor twee jaar weer aan die Wêreldkampioenskap deelneem. Sy het nou goeie ervaring opgedoen

en is meer voorbereid op die volgende kompetisie. Lara wil graag eendag aan die Olimpiese Spele deelneem. Jesus is haar nommer een inspirasie.

Lara se harde werk en prestasies is 'n inspirasie vir al die Klofies en lê die fondament vir die prestasies wat sy nog sal bereik.



Lara van der Merwe

- Foto: Verskaf -

Kloof bereik DOELwitte

Marni Botha

Cristiano Ronaldo het gesê dat ons nie ons drome vir mense wil vertel nie; ons wil dit vir hulle wys! Dit is presies wat Kloof se netbalmeisies vir die wêreld by die jaarlikse Klofie-netbalfees gewys het.

Oudergewoonte het Hoërskool Waterkloof 'n fenomenale netbaltoernooi aangebied waaraan spanne van verskeie skole en provinsies deelgeneem het. Die spanne het mekaar gedurende die toernooi met hulle vaardighede en vasberadenheid uitgedaag.

Tydens die toernooi, wat vier dae lank geduur het, is daar 1380 wedstryde gespeel en is daar uitmuntende prestasies behaal. Daar was altesaam 29 skole soos: Hoërskool Kempton Park, Helpmekaar Kollege, Hoërskool Eldoraïne en talle ander. Die doel van die toernooi is om die spelers vir die netbalseisoen en ander ligas soos die

PUK-reeks voor te berei. Die afrigters kry ook die geleentheid om al die meisies dop te hou en die beste moontlike spanne te kies.

Daar was talle spesiale oomblikke en herinneringe. Die 1100 netbalspelers het almal saam die Kloof-Texandans gedoen net om 'n bietjie vir die toernooi op te warm, maar daar is nie net gedans en netbal gespeel nie. Daar is Sondagaand 'n besondere lofprysingsaand gehou wat die spelers en hulle ouers kon bywoon.

Sport is soveel meer as net 'n stokperdjie. Dit is werklik iets wat leerders nader aan mekaar bring, hulle as individue vorm en hulle help om die beste weergawe van hulself te wees. Tydens die toernooi, het Kloof vir almal gewys wat in ons steek. Ons kan saam val, saam opstaan, saam speel en saam Bou in Geloof!



- Foto: Verskaf -

Kloof-inspirasie tussen die pale deur

Lize Erasmus en Riané Muller

Van nederlaag na oorwinning! Van die knie buig, na triomfeer! Hoërskool Waterkloof wen Hoërskool Garsfontein uiteindelik na 11 jaar se probeerslae! Met hierdie geskiedkundige oorwinning, met ‘n eindtelling van 47-36, het die eerste rugbyspan Hoërskool Waterkloof se plek onder die top-10-rugbyskole in Suid-Afrika, gereserveer. Dat hulle ‘n eerste span is om mee rekening te hou, is nie te betwyfel nie! Hierdie manne kán hardloop, hierdie manne kan *tackle*, hierdie manne kán skop ... hierdie manne hét skop!

Kloof se nommer 12, Happy Makate, het sy naam gestand gedoen toe hy met ‘n sierlike duik die eerste van Kloof se vyf drieë gaan druk het. Die Klofies was somer baie *happy*! Die manne het, begeesterd hierdeur, die telling somer vinnig laat klim tot 38-12 teen halftyd. Lendrey Janse van Vuuren het somer twee drieë direk na mekaar gedruk en kaptein Riwan van Aswegen, het op sy beurt stof in die Garsies se oë geskop toe hy met die bal onder die arm doellyn toe hardloop. Die kersie op die koek was definitief Ronan Bastiaanse se skepskop ... koel en kalm, het hy die bal meesterlik en sekuur 50 m vanaf die doellyn tussen die pale deur gestuur. ‘n Mens kan nie anders as om groen-en-goud drome vir hom te droom nie!

Die afrigters van die eerste span glo dat jou sukses nie afhang “van hoe graag jy dit wil hê nie, maar hoe hard jy bereid is om daarvoor te werk.” Somer, herfs, winter, lente ... af seisoen en aan seisoen, jy sal die eerste span of op die rugbyveld of in die gimnasium vind. Hulle oefen amper elke

dag van die week en word net Woensdae en Sondae gegun om hulle stywe spiere en seer lywe te rus. Ure en ure se bloed, sweet, trane, analisering, evaluering en strategiese beplanning word ingesit om met die gesogte blou-en-geel strepiestruï voor die skool te kan uitdra. Hulle harde werk blyk duidelik uit hul fantastiese prestasies, onder andere hul bekroning as die weners van die NWU-reeks.

Van dae en dae se saam oefen het Kloof se eerste span tot ‘n familie en ‘n eenheid gegroei. Franco Cronje, die losskakel, beskryf dit as sy veilige hawe. Elke speler in die span staan ‘n unieke plek vol, byvoorbeeld Marko Kok, die harde agtsteman, Lendrey Janse van Vuuren, die vinnige flank en Malcolm George die ratse vleuel. Net so het elkeen ‘n beduidende emosionele rol wat hulle tydens elke wedstryd vervul. Volgens ‘n betroubare bron is die volgende spelers meer as net die nommers op hulle truie: Alrich Uys is die mees positiewe speler, Dennis Obi gee ‘n rustigheid wanneer nodig en Happy Makate is die mees intimiderende speler ... wat sal rugby nou wees sonder die Eben Etzebeth in elke span? Riwan van Aswegen, die eerste span se kaptein, deel dat dit sy droom vir die span in 2024 is om nie net hulle volle potensiaal te bereik nie. Die eerstes wil nie net ‘n impak op die veld maak nie, maar hulle werk hard daaraan om ‘n impak op die hele skool te maak en veral op die toekoms van Kloof-rugby. Volgens Riwan is seuns in die eerste span nie net rugbyspelers nie, maar elkeen is ‘n ampsdraer van Hoërskool

Waterkloof en hulle werk ongelooflik hard om die skool trots te maak.

Rugbyspelers word dikwels gestereotipeer as hierdie groot geharde manne wat met growwe stemme nét sport praat, terwyl hulle loodswaar sportsakke moeiteloos oor die skouer dra op pad oefenveld toe. Maar agter hierdie harde fasade skuil edel eienskappe: lojaliteit, respek, toewyding, broederskap, omgee en passie vir die sport, vir mekaar en vir hul skool. Kloof se rugbyspelers, ongeag of hulle vir die A- of die D-span speel, beskik oor hierdie kwaliteite; met elke lieue wedstryd, speel hulle hulle harte uit vir

mekaar en vir hulle skool.

Oor die algemeen stel toeskouers nie veel belang in rugbyspanne se oefeninge en voorbereiding vir wedstryde nie. Dit is wat daardie dag op die veld gebeur wat saak maak! Dit is maklik om te juig wanneer die Klofies wen en om te treur wanneer hulle verloor, maar ons moet onthou dat daardie seuns op die veld ‘n skool nodig het wat hulle bystaan in die oorwinnings en in die nederlae. Kloof is ‘n familie, die eerste span se familie. Ons bars van trots om hierdie jong manne ons eie te noem! Hulle is werklik ‘n inspirasie.



- Fotograaf: Rachel's Lens Photography -

Ek het ‘n voëltjie hoor fluit dat Kloof se gholf *on par* is.

Kayla Strydom en Danielle van Niekerk

Jy het definitief al in die vierkant gesit en Roelof Craig en al die ander gholfers se name met hulle ongelooflike prestasies gehoor, maar besef jy hoeveel werk ingesit word om hierdie prestasies te bereik? Gholf klink dalk soos ‘n vreesaanjaende sport met ‘n klomp vreeslike woorde soos: *albatross* of *bogey*, maar dit is nie werklik so skrikwekkend nie.

In eenvoudige woorde moet spelers die bal in die gat (met so min houe as moontlik) kry, wat makliker klink as wat dit regtig is. *Par* is nie net ‘n woord wat *Will* opgemaak het nie, dit stel die voorgestelde aantal houe per gat voor. ‘n *Birdie* is ‘n beter prestasie, want dit is een minder as *par*, terwyl ‘n *eagle* nog beter is, aangesien dit twee minder as *par* is. Die laaste voëlervante gholfterm is die skaarsste van die lot. Die *albatross* is wanneer ‘n speler drie houe minder as die *par* slaan, ‘n ware prestasie! ‘n *Bogey* beteken die teenoorgestelde, een meer as *par*.

Die Kloof-gholfers bereik hoë hoogtes onder leiding van juf. Christine Hare. Haar passie vir gholf wys in die manier waarop sy met haar gholfspelers se prestasies spog. Sy sê dat om emosioneel vir ‘n toernooi gereed te wees, noodsaaklik is, want so herstel die speler makliker van ‘n slegte hou.

Kloof se gholfspelers het ‘n besige seisoen agter die rug. Hulle was die weners by die NWU-reeks wat by *Koro Creek* gehou is. Die gholfers het hulle staal gewys met ‘n allemintige 27 houe oorwinning oor Menlo en 16 houe oor Affies by die Gauteng-Noord-hoërskolekampioenskap-spantoernooi, gespeel by Wingate. Roelof Craig (gr. 11) wen die toernooi vir die derde agtereenvolgende jaar. ‘n Uitsonderlike prestasie! Roelof is ‘n bewys dat deursettingsvermoë en harde werk jou die vrugte laat pluk. Die kersie op die koek is dat Roelof vir die Gauteng-Noord Mans- *Challenge Cup*-toernooi gekies is. Hy sal in Mei op die Metropolitan-baan in Kaapstad speel.

Roelof vertel dat sy gholfloopbaan begin het toe hy as kind saam met sy pa gholf gespeel het en ‘n passie daarvoor ontwikkel het. Hy het op die ouderdom van nege ernstig begin speel en hy

hoop om eendag professioneel gholf te speel. Hy oefen daaglik vir twee tot drie uur. Hy het al op ongelooflike plekke gespeel, van *Leopard Creek* en *Sun City* tot Biella in Italië! Roelof neem aan die GholfRSA-toernooie deel, waar die beste van die bestes teen mekaar op bane regoor die land speel. Elke baan is vir hom ‘n uitdaging.

Van Kloof se topspelers is na die *Nedbank Junior Challenge* genooi waar slegs die top- o. 19-spelers in die land kan deelneem. Die Klofies het in April by *Sun City* deelgeneem en die leiders het pragtige prestasies verwerf: Liam McKenna was vyfde, Cilliers Craig was sewende en Roelof Craig was elfde.

Kloof wen ook die Voorsitterstroeë teen die Hoërskool Menlopark. Liam McKenna speel ses onder, Cilliers Craig speel vyf onder en Nelis de Bruin speel vier onder.

Liam McKenna het besonder goed by die Woodlands Internasionale *Junior Masters*-toernooi, wat in Mei by Serengeti plaasgevind het, gespeel. Hy het vyf onder gespeel, wat in gholfsterm uitstekend is. Hy het algeheel derde geëindig. Liam en Cilliers het saam met oud-Klofie, Estiaan Conradie (wat ‘n Protea-speler is) gespeel.

Die Kloof-gholfers kwalifiseer om na die SA-hoërskolettoernooi te gaan wat in Julie by Worcester Gholfklub plaasvind. Welgedaan aan al die Klofie-gholfers wat sewe trofee in agt maande verower het!



Nelis de Bruin, Roelof Craig, Liam McKenna, Cilliers Craig
- Foto: Verskaf -

Waterkloof is beslis dié hokkieskool

Laureanne Geertsema

Oor die jare het talle mense al, tong-in-die-kies, vir Waterkloof as ‘n “hokkieskool” beskryf. Soos dit egter uit 2024 se uitslae blyk, is ons beslis nie bloot net ‘n hokkieskool nie. Ons kan definitief as *dié* hokkieskool bekendstaan.

Kloof-hokkie troon kop en skouers bo ander hoopvolle ligaspanne uit. Elke span, met sy eie unieke gees, het iets besonders om te bied. Van die o. 14 C-spanne, tot by die eerstes, word daar hard gewerk om die Klofie-naam met trots uit te dra. Die uitslae van die huidige seisoen is ongehoord. Daar word jaarliks meer en meer doele vir ons spanne aangeteken (wat in sommige gevalle nader aan ‘n rugby- as ‘n hokkietelling lyk), met toenemend minder doele teen die Klofies. Kloof mag dus maar breëbors met verruklike uitslae spog. Ons o. 16A-dogterspan het veral die hele gemeenskap in rep en roer omdat hulle binnekort op hulle SA-skoletoe vertrek.

Die spelers het vanjaar skoonskip by die NWU-reeks gemaak met niks minder as drie tweede plekke en drie eerste plekke vir die seuns nie. Die dogters het ook nie teruggestaan nie: ‘n tweede plek en sewe eerste plekke gee ons rede om te glimlag. Natuurlik, soos die goud en silwer medaljes ingerol kom, was dit nie ‘n skok toe Kloof as die algehele hokkiewenner by dié prestigie reeks aangewys is nie! Waterkloof kan veral

met ons hoofmanne en -vroue spog. Ons eerste spanne is besig om groot naam in die hokkiewêreld te maak. Die dogters, onder leiding van kaptein Ester Prinsloo, het behoorlik gewys wat in hulle steek by die beroemde *St Mary's*-toernooi in Maart. Bekend as een van die grootste jaarlikse toernooie, het hulle algeheel 19de geëindig teenoor laas jaar se 21ste posisie. In Mei het hulle ook ons skool in KwaZulu-Natal verteenwoordig, waar hulle die 5de plek by die *St Anne's Cup*-toernooi verower het. Dus was daar nie eintlik groot verbasing nie, maar wel baie opgewondenheid toe ons die nuus kry dat die eerste dogterspan nasionaal tot ‘n 12de plek op die hokkieleer geklim het.

Baie geluk aan die onderskeie spanne wat Hoërskool Waterkloof se naam hoog hou en so fantasies by die toernooie presteer het! Kloof is *ongeklooflik* trots op die prestasies. Julle mag maar die titel as dié hokkieskool dra.



- Fotograaf: Marlette Kruger